



KREMETART

Amptelike nuusbriëf van VLU Noord
2/2025



*Wees jy die
verskil en
bring vreugde*



VLU-Noord se 30ste Kongres



Tafelversierings



Adri Joubert uittredende Koraalstreekvoorsitter en President-Ria-Strydom



Prosessie gelei deur President Ria Strydom



Eregaste vLnR: Gerda Pienaar, Cindy Coetzee, Elsabé Kotzé, Riette Cloete, Ria-Strydom (VLU-Noord President) en David Divaad



Erina Becker uittredende VLU-Noord Skakelbeampte en President Ria Strydom



Geleentheidspreker Ina Wilken



Janica Ehlers hoof van Piliarius onderrig en President Ria Strydom

Uitgawe: 2/2025

Volume: 91

PRESIDENT Leanda Le Cornu

Sel nr.: 082 895 8576

E-pos: president@vlunoord.co.za

VLU NOORD KANTOOR

Sekretaresse Naomi Phillipson

Selnr: 082 484 7622

Epos adres: admin@vlunoord.co.za

Kantoorure : Maandae tot Donderdae
9h00 tot 13h00

REDAKSIESPAN

VOORSITTER: President Leanda Le Cornu

VLU NOORD Provinsiale Skakelbeampte

REDAKTRISE: Hanell Theron

Selnr.: 072 531 9242

E-pos: skakel@vlunoord.co.za

STREEKSKAKELS

BOSVELD

Adèle Engelbrecht

Selnr.: 079 515 6357

E-pos: bosveldskakel@gmail.com
Vir Bosveld takke se bydraes



KORAAL

Sonèl Kotze

Selnr.: 076 487 5478

E-pos: koraalskakel@gmail.com
Vir Koraal takke se bydraes



SOETDORING

Chrizette J.v. Rensburg

Selnr.: 072 310 8384

E-pos: soetdoringskakel@gmail.com
Vir Soetdoring takke se bydraes



VLU Noord se Bankbesonderhede:

ABSA Bank Thabazimbi

Tjekrekening nr. 40-5010-6563

Geldsakevoorsitter– Naomi Phillipson

E-pos: finansies@vlunoord.co.za

Bladuitleg & Drukwerk

Melinda Schalkwyk: BSB Drukkers

Kalender *2025 / 2026*

VLU Noord UB:

14 & 15 Jan. - UB-vergadering

STREKE – Streeksvergaderings:
Bosveld:

6 Nov. 2025 en Inligtingsdag

6 Febr. 2026

Koraal:

4 Nov. 2025

3 Febr. 2026 en Inligtingsdag

Soetdoring:

5 Nov. 2025

4 Febr. 2026 en Inligtingsdag

Konferensies – 2026:

Bosveld - 5 Maart

Koraal - 28 Febr.

Soetdoring - 7 Maart

Kongres – 2026:

20-21 Mei

Bewusmakingsmaande:

Oktober: Borskankermaand

BELANGRIKE DATUMS:

KREMETART:

1ste Uitgawe 20 Maart 2026

2de Uitgawe 2 September 2026

Metaalvoorraad en Handleidings

14 Aug – Bestelvorms by kantoor

31 Aug – Fakture word uitgereik

11 Sept. – Voorraadbestellings betaal wees

Ledelyste en Ledegelde

1 Februarie - Ledelyste word uitgestuur

27 Februarie - Ledelyste terug

1 September - Ledelyste uitgestuur vir kontrole

21 September - Ledelyste terug by kantoor

1 Oktober - Fakture word uitgereik

20 November - Alle ledegelde inbetaal

Bestuuroopnamevorms

04 Des. – In by kantoor

05 Des. - Kantoor sluit

SAVLU:

Kongres 2027 Mpumalanga

1 Desember : Kantoor sluit

In hierdie Kremetart...

Die ou jaar bring wysheid, die nuwe jaar bring geleenthede.

Tema: Omhels jou Uniekheid | Embrace your Uniqueness

Persoonlikheid van die Jaar: Antoinette Steyn

Projek van die Jaar: Wees ingelig | Be informed
(Kunsmatige intelligensie – Hoe raak dit jou?
Artificial Intelligence – How does it affect you?)

Produk van die Jaar: Koffie / Coffee

Kunstenaar van die Jaar: Johan Scheppek

Skrywer van die Jaar: Warwick en Michelle Tarboton

Bome van die Jaar: Sideroxylon inerme subsp. Inerme, White-milkwood
Mimusops caffra, Red milkwood Spirostachys Africana, Tamboti

Kyk uit vir al die kompetisies in die middelblad.



GESONDHEIDSWENKE:- SOOIBRAND

1. Vir vinnige verligting eet 'n piesang!!
2. As tamatie- en uiesmoor gemaak word vir braaivleis of ander geregte, gooi 'n kwart koppie melk op die end by en roer goed.
3. Drink 8 glase water per dag.
4. Drink twee eetlepels asyn of suurlemoensap.
Die probleem sal vir 'n kort rukkie erger voel, maar dan verdwyn.
5. Koeksoda is ideaal om oormaat suur teen te werk in plaas van 'n sooibrandpilletjie. Drink biejie koeksoda in gekookte water.
6. Meng 'n botteltjie Turlington op 1 blikkie kondensmelk en vat elke oggend op jou nugtermaag 'n teelepel vol.
7. Suig een teelepel witsuiker.



VLU Noord

President Leanda Le Cornu

Selnr: 082 895 8576 e-pos: president@vlunoord.co.za



Liewe VLU Noord-lede, 2025 is 'n jaar vol viering vir die VLU!

VLU Noord vier sy 30 jaar van bestaan na ontbondeling, maar eindelijk is VLU al 'n hele 100 jaar oud en nog steeds het VLU 'n plek in die vrou van vandag se lewe. Afrikaans, ons moedertaal is 'n 100 jaar jonk vanjaar. 'n Voorreg vir elkeen van ons om te kan sê ons het dit in ons leeftyd gevier.

VLU Noord kyk terug oor 30 jaar en is dankbaar vir die lede wat die grondwerk gelê het vir VLU Noord (Grondwet en Huishoudelike Reëls). Sonder die nodige grondwerk sal ons organisasie nie voort bestaan nie. VLU Noord is dankbaar vir elk lid wat haar bereid verklaar het om 'n amp op te neem en voor te loop van tak-, streekvlak tot by uitvoerende bestuur. Sonder lede wat bereid is om voor te loop kan die organisasie nie bestaan nie. Dankie vir jul tyd, geduld en ook die las op jou beursie, maar bowenal dankie aan jou familie tuis wat jou ondersteun en die ruimte gun om voor te loop. Vir die lede wat bereid is om voor te loop is die pad nie altyd maklik nie. Soms word jy gekou soos 'n toffie, maar as jy terug kyk oor 'n termyn in 'n amp is daar altyd die dankbaarheid vir die voorreg om te kon groei as 'n mens en ook vir die reis waarop VLU jou geneem het én die vriendinne wat jy gemaak het en al die mense wat jou pad gekruis het op 'n meer persoonlike vlak. VLU se grootste bate bly die lede wat saamwerk en saamstaan om die organisasie se voortbestaan te verseker en die besture se arms hoog hou. Dankie aan elke lid: Jy's uniek, jy's belangrik, jy's 'n VLU-Vrou.

VLU Noord sê dankie aan:

Me Ria Strydom vir die 4 jaar wat sy voorgeloop het as VLU se President. VLU Noord het 'n fotoalbum saamgestel vir 'n dankiesê. Me Elmarie Human wat 4 jaar VLU Noord se kantoor beman het en me Strydom vergesel het op al haar besoeke. Me Erica Welgemoed wat 4 jaar VLU Noord se geldsake behartig het. Me Des Krüss wat eers 'n jaar ingestaan het as beoordelaarsameroepster en nou aan die einde van '3de jaar nie haar weg oopgesien het om nog 'n jaar te dien as beoordelaarsameroepster nie. Dankie Me Krüss vir u insette en tyd by beoordeling. Me Adri Joubert vir haar 6 jaar as Koraalstreekvoorsitter. Me Joubert het ook 'n fotoalbum as afskeidgeskenk ontvang. Me Erina Becker vir haar 4 jaar as Skakelbeampste van VLU Noord en jou bydrae om ons tydskrif, die Kremetart 'n spog tydskrif te maak.

VLU Noord se Uitvoerende Bestuur is 'n bestuur met ondervinding en jeug, welkom aan:

Skakelbeampste Hanell Theron; jonk, met 'n goeie kennis van die tegnologie. Beoordelingsameroepster Retha Prinsloo wat vir twee jaar haar wye kennis van VLU Noord met ons sal deel. Koraalstreekvoorsitter Santie van Eyssen en Sekretaresse/Geldsakevoorsitter Naomi Phillipson bring albei kennis en kundigheid na die bestuur.

VLU Noord baie dankie vir die vertroue dat julle my vir 'n tweede keer die voorreg bied om VLU Noord te verteenwoordig as jul President. [Reeds, VLU Mpumalanga en Overvaal se 30ste kongresse bygewoon en Metal Art se kantoor besoek.] Daar is baie uitdagings vir die VLU, seker van die grootste is die ekonomiese toestand die land of liever die hele wêreld en die vinnige verandering wat tegnologie te weeg bring. VLU sal die uitdagings moet aangryp en daarmee werk, sodat VLU Noord nog 'n 30 jaar en meer kan bestaan.

Uniekheid is VLU se geheime wapen wat ons voortbestaan sal verseker. Wat onderskei VLU van ander organisasies of net sommer nie te behoort aan 'n organisasie nie? Ons waardes, missie, en die geleentheid wat VLU ons lede bied om te groei as mens, om vaardighede te ontdek en te laat evalueer deur ons deelname aan kompetisies. VLU bind vroue saam wat mekaar ondersteun en ons die gevoel gee van ek behoort | ek maak saak.

VLU se invloed – Watter verskil maak ons organisasie in die gemeenskap, VLU-vroue se leierskap by ander organisasies, ons invloed in ons eie binnekring. Ons help jongmense om vaardighede te leer wat hulle toekoms verbeter.

“Wees die verskil” is eintlik 'n deurlopende tema vir VLU, want ons is die verskil in ons eie lewens en die van ander met ons uniekheid en invloed wat ons uitleef.

In 2027 is dit weer SAVLU- kongres en dit beteken dat ons in 2026 aan SAVLU-kompetisies moet werk. Dames, kies vir jou 'n artikel, lees die riglyne deeglik, doen navorsing, beplan en neem deel asb.

Mag hierdie Kersfees jou hart vul met vrede, jou huis met liefde en jou lewe met hoop. Ek wens jou en jou geliefdes 'n geseënde Kersfees en 'n nuwe jaar vol vreugde en seëninge toe. Kom ons Wees die Verskil, in Suid-Afrika.

Wees VLU se ♥ - Wees die Verskil.
Leanda E Le Cornu - VLU Noord President





SAVLU

President Cindy Coetzee
e-pos: president@savlu.co.za



Liewe VLU Noord-vriendinne

In die hart van Afrika staan die kremetartboom –

'n Boom van wysheid en standvastigheid, met wortels wat diep die aarde in reik en takke wat wyd oopvou om skadu en lewe te bring.

Soos die kremetart deur die jare heen getuig van volharding, so getuig julle, ons VLU Noord-vriendinne van 'n lewe wat gewortel is in geloof en van hande en harte wat altyd uitreik om te dra, te koester en te bou.


Met Kersfees vier ons die Lig wat in die wêreld gekom het –

'n Lig wat donkerte verdryf, soos sonskyn wat deur die takke breek en alles rondom vehelder en vernuwe. Mag hierdie Lig julle huise vul met vrede, jul harte met blydschap en julle lewens met hoop wat nooit vergaan nie.


Wanneer die nuwe jaar sy eerste bladsy oopvou, bid ons dat dit soos reën op droë grond sal wees- 'n tyd van groei, van nuwe seisoene, van diep wortels en vrugbare drome.

Mag julle sterk staan soos die kremetart in wind en weer, en steeds 'n toevlug wees vir almal wat kom skuil onder die ruim takke van julle liefde en geloof. Namens SAVLU wens ons julle 'n geseënde Kersfees en 'n nuwe jaar vol oorfloed, lig en seën. Met innige waardering en hartlike groete.

Cindy Coetzee
SAVLU President



WILD AT HEART, CAMP IN STYLE



UNPLUG, UNWIND, EXPLORE



MORITI
• BUSH CAMP •

The authentic bush experience

Moriti Bush Camps offers a serene escape along the beautiful Limpopo River.

Relax in our exclusive campsites, featuring stunning river views and practical amenities. Whether you're seeking peaceful relaxation or an adventure-filled getaway, our camps cater to all preferences.

Reconnect with the African wilderness and unwind in tranquility



+27 79 515 6357



www.moriticamp.co.za



hello@moriticamp.co.za

Voormalige VLU Noord-president



**Geliefde VLU Noord-lede,
'n Woord van dankbaarheid.**

Wanneer ek terugkyk op die afgelope vier jaar as president van VLU Noord, is dit moeilik om al die herinneringe en emosies in woorde vas te vang. My hart is eenvoudig oorvol van dankbaarheid. Dit was nie net 'n posisie wat ek beklee het nie – dit was 'n reis van saamwees, groei en die belewenis van iets wat groter is as onself. Wat 'n ongelooflike voorreg was dit om saam met so 'n kosbare groep vroue te kon saamwerk, dien en droom.

Ek het elke dag beleef dat ons organisasie uit gewone mense bestaan wat op buitengewone maniere 'n verskil maak. Die VLU is vir my nog altyd 'n wonderlike organisasie. Hier word vroue nie net bymekaargebring nie, maar ook opgetel, gedra en bemagtig. Dit is 'n tuiste waar ons mekaar se laste help dra, mekaar inspireer en ruimte skep waar elke vrou kan blom. Ek het keer op keer gesien hoe die VLU hoop bring, nuwe krag aanwakker en elke lid die geleentheid gee om haar talente en gawes uit te leef.

My reis as president sou nooit moontlik gewees het sonder my UB nie – julle was my regterhand, my ankers, my raadgevers en my vertrouelinge. Dankie aan elkeen wat saam met my die pad geloop het, deur vreugdes en deur uitdagings, met 'n gees van eenheid en lojaliteit. Julle het my herinner dat ek nooit alleen hoef te staan nie. Dankie vir my regterhande in die kantoor wat help bou het aan 'n groot droom om VLU Noord-kantoor papiervry te maak. Die droom is verwesenlik met baie beplanning en ure en ure se werk agter ons. Dankie ook aan die res van die UB se insette aangaande die groot taak. Ons kan met groot dankbaarheid getuig dat die kantoor op gladde wiele hardloop en dat ons boekdele geleer het oor vandag se tegnologie. Hierdie stap van vernuwing het ons bemagtig en opgehef op maniere wat ons nooit sal vergeet nie. Ons is voorwaar opgehef en bemagtig in die proses.

Aan elke VLU-lid regoor ons land – ek kan nooit genoeg dankie sê nie. Julle het my met ope arms ontvang, my altyd ondersteun, en saam met my geglo dat ons 'n verskil kan maak. Dankie dat julle vir my die ruimte gegee het om julle te kon dien vir 4 jaar. Julle is die hande, die stemme, die krag en die hartklop wat hierdie organisasie lewendig hou. Elke projek wat ons aangepak het, elke glimlag wat ons gebring het, en elke klein daad van diens wat verrig is, dra die merk van julle toewyding en liefde. Dankie vir almal se lojaliteit, ondersteuning en liefde, elke geselsie en foonoproep wat my gedra het in moeilike tye, maar tog ook my vreugde verdubbel het in mooi oomblikke. Sonder julle almal sou ek nie hierdie reis kon aanpak nie. Julle het my lewe onherroeplik verryk. Dit was die mooiste 4 jaar van my VLU lewe wat ek vir altyd sal onthou.

Ek het in hierdie vier jaar besef dat ons tema werklik waar is: "Gewone mense maak 'n verskil." Dit is presies wat die VLU is – gewone vroue wat, deur saam te werk en saam te droom, 'n buitengewone impak maak in ons gemeenskappe en saam het ons bewys hoe waar hierdie woorde is.

Ek het nou die leisels neerlê, met 'n hart vol vrede en wat bars van trots. Nie trots op myself nie, maar oor wat ons almal saam bereik het. Ek neem kosbare herinneringe en wonderlike vriendskappe reg oor die land saam in my hart en die kosbare wete dat ek deel was van 'n storie wat nog lank voortgeskryf sal word. Wat 'n groot voorreg was dit nie. Julle het my lewe ryker, dieper en mooier gemaak – en daarvoor sal ek altyd dankbaar wees. Doen so voort en probeer elke dag iemand se lewe positief aan te raak, te inspireer en op te hef. Dit is 'n Goddelike opdrag van ons Hemelse Vader.

**Met innige waardering en liefde
Voormalige VLU Noord-president
Me Ria Strydom.**



Persoonlikheid van die Jaar A. Steyn

2026 IS REEDS AANGETEKEN IN MY BOEKIE AS 'N GOEIE JAAR!

Deur ANTOINETTE STEYN

Wanneer ek aan 'n VLU-dame dink, is daar drie woorde wat onmiddellik in my gedagtes opkom: statig, inspirerend en hardwerkend. Maar daar is tog 'n vierde woord wat ek wil byvoeg: aansteeklik. Waar 'n VLU-dame haarself ook al bevind, laat sy 'n merk. Projekte kry vlerke, gemeenskappe floreer en selfs jou eie gees voel ligter net omdat jy in haar geselskap was. 'n VLU-dame inspireer eenvoudig positiewe verandering.

My herinneringe van die VLU is deurspek met sulke oomblikke, dit val alles onder my Hoofletter Dae. Dit is nie dae wat jy sommer net tussen die ander inskryf in jou lewensverhaal nie, dit is die soort dae wat jy in jou lewensboek letterlik in hoofletters skryf en onderstreep.

Die vooruitsig om in 2026 as spreker by die VLU-Noord Provinsiale kongres op te tree, het my reeds diep dankbaar gemaak. Ek het gedink, dit gaan sonder enige twyfel my hoogtepunt vir 2026 wees. Maar toe, soos room op 'n melkert, onverwags, volg die verrassings-nominasie as Persoonlikheid van die Jaar. Ek moes die woorde twee keer lees, net om seker te maak ek verbeel my nie of dat ek nie met iemand anders verwar is nie.

Ek? Antoinette Steyn, 'n eenvoudige vrou wat op my eenvoudige manier net een oortuiging koester: dat die wêreld nie deur groot gebare verander nie, maar deur klein raakpunte met een mens op 'n slag. Wanneer ek kan gee, of dit nou tyd, 'n woord van bemoediging of bloot 'n bietjie hoop is, vul dankbaarheid my hele wese. In sulke oomblikke besef ek altyd dat gee nooit 'n verlies is nie, dit is die mees winsgewende belegging wat bestaan. Ek moet erken, ek is ook met hierdie nominasie gekonfronteer met die feit dat ek dalk altyd baie beter daarmee was om te gee as om te ontvang. Ek het lank hieroor nagedink en as ek werklik iets moet ontvang kan ek nie dink aan 'n groter voorreg as om dit te ontvang vanaf 'n groep dames wie ek weet die Here as hul kompas vir alles in die lewe gebruik nie. 'n Groep dames wie die hartklop van ons Hemelse Vader in alles om hulle ten volle raaksien en uiteleef.

Ek is gevra om so 'n bietjie meer van myself te vertel. Ek het Sielkunde studeer, is die stigter van Mindset Motivation en glo uit my hart uit dat elke dag 'n geleentheid is om te gee. Ek glo ook dat uitdagings nooit eindpunte is nie, maar eerder oop vensters waardeur ons na hierdie uitdagings kan kyk en kan kies dat dit vir ons van meer waarde kan wees as wat enige suksesse ooit sou kon. Waar ander hul trofeeë tel, tel ek my struikelblokke, want dit is die plekke waar ek die meeste geleer en gegroei het. Ek is getroud met 'n wonderlike man en ons is die trotse ouers van die twee beste seuns op aarde, 13 en 16 jaar oud, en ja, ek sê dit heeltemal onpartydig.

Die tema wat deur die VLU dames gekies is vir 2026, "Omhels jou uniekheid," is voorwaar 'n spesiale tema. Ek glo ook dit is 'n aksie wat baie van ons doelbewus moet kies om uit te voer. Uniekheid beteken dat daar nooit weer 'n mens soos jy sal wees nie. Jy is 'n eenmalige uitgawe sonder 'n tweede druk. Niemand lag presies soos jy nie, niemand dra jou mengsel van vrese, talente, pyn en wysheid nie. Niemand hoop en droom presies soos jy nie. Jou stories, jou drome en jou trane was nog nooit in iemand anders se lewe in presies dieselfde volgorde uitgeleef nie. Jy is werklik uniek, en die wêreld het jou uniekheid nodig.

Ons leef in 'n wêreld wat dikwels probeer om ons almal dieselfde te maak, 'n wêreld wat ons soms wil toelaat om te glo dat ons eenvoudig net 'n produk is van alles wat met ons gebeur het. Maar die waarheid is, die grootste geskenk wat jy aan ander kan gee, is om onbeskaamd die beste weergawe van jouself te wees. Dit is juis in ons uniekheid dat ons mekaar se lewens verlig. Ons uniekheid beteken dikwels ook unieke hartseer of teleurstelling, maar soos my liefste moeder altyd vir my geleer het as kind: "In die lewe sal daar nooit met jou iets gebeur wat jy nie saam met die Here kan hanteer nie."

Die lewe is nie daar om perfek geleef te word nie, dit is daar om eg geleef te word. En dalk is dit presies wat die wêreld vandag nodig het, minder mense wat in 'n boksie probeer inpas en meer mense wat met moed en 'n tikkie lag hul eie, unieke hoofstuk skryf.

Dankie aan elke VLU dame vir die voorreg om gekies te word as jul Noord-Kongres Spreker vir 2026 en vir die ongelooflike addisionele nominasie. Ek is opgewonde, die soort opgewondenheid wat ek altyd ervaar het as kind toe ek die roomys trokkie se deuntjie kon hoor nader kom, opregte opgewondenheid. Ek sit nou al reeds en wonder hoe ek dit gaan regkry om geduldig te wag tot Mei 2026. Dankie dat ek nou al reeds kan sê dat 2026 'n goeie jaar gaan wees.

Kers- en Nuwejaarsboodskap



Posbus / P.O. Box 11416, Bendorpark, 0713

(S) 072 904 7070 / 082 555 4553

Faks / Fax: 0866 180 781

E-pos / E-mail: bestuurder@ntlu.co.za
wilma@ntlu.co.za

2 September 2025

VLU Noord
Die Presidente
Mev. Leanda Le Cornu
Sel: 082 895 8576
E-pos: president@vlunoord.co.za

'n Kers- en Nuwejaarsboodskap van TLU SA Limpopo

Liewe boere en julle kosbare gesinne,

Soos die jaar se laaste dae aanbreek, kyk ons terug met dankbaarheid en vorentoe met hoop. Kersfees herinner ons dat God se lig selfs in donker tye helder bly skyn. In die stal van Betlehem het Hy die wêreld Sy grootste geskenk gegee – Jesus Christus, ons Redder en Bron van lewe.

Mag hierdie Kersfees vir julle 'n tyd van rus, liefde en veilige saamwees wees. Mag die vreugde van Christus in elke huis weerklink, en mag julle nuwe moed kry om die nuwe jaar met geloof en vasberadenheid aan te pak.

Ons dink met waardering aan elke boer en boervrou, hulle gesinne, aan die hande wat saai en oes, en aan die harte wat bid en hoop; julle dra nie net 'n oes nie – julle dra 'n erfenis van geloof, uithouvermoë en liefde vir die land.

Soos ons 'n nuwe jaar gaan instap, dra ons saam die herinneringe, uitdagings en oorwinnings van die afgelope seisoen. Ons staan nederig dankbaar voor God se sorg en voorsiening, en ons sien met hoop uit na die planne wat Hy vir ons elkeen het.

Mag 2026 vir julle 'n jaar van nuwe geleenthede wees – op die plaas, in die huis en in die hart. Mag daar reën val waar dit nodig is, rus wees waar daar spanning is, en vreugde waar daar bekommernis is.

Ons bid dat julle boerderye vrug dra, dat julle gesinne beskerm word, en dat julle geloof versterk word om met moed en vasberadenheid voort te gaan.

Mag 2026 vir ons almal 'n oesjaar van geloof, liefde en saamstaan wees.

Mag julle boerderye seën ervaar,

Julle gesinne beskerm wees en

Julle harte rus vind in God se beloftes.

'n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2026!

Met waardering en hoop,

Fanie Havinga

Voorsitter: TLU SA Limpopo

C:\Users\NTLU\Dropbox\My Documents\lbriewe\2025\TLU SA Limpopo Kersboodskap vir VLU 2025-09-02.docx

Dié eksklusiewe vesting vir die boer in SA • The exclusive fortress for farmers in SA
Stigtingsdatum 1897 • Founded 1897



Amptelike Nuusbrief van VLU Noord



VLU Noord-Kantoor

Sekretaresse Naomi Phillipson

Selnr: 082 484 7622 e-pos: admin@vlunoord.co.za

Liewe VLU Vriendinne

So staan nog 'n VLU jaar na die einde se kant toe, in 'n oogwink het die maande verbygevlieg. Ons wou nog dit doen en dat doen, maar die tyd het ons gevang. Vinnig moes ons leer oor die nuwe elektroniese uitdaging wat op ons pad kom om dit met beide hande aan te vat en dit tot die beste van ons vermoë te doen.

Dankie vir elkeen se Geduld met my die laaste 6 maande – probeer regtig almal tot hulp wees.

Mag julle feesgety gevul wees met Liefde, Lag en Saamwees, en mag elke dag vir julle vreugde bring in die jaar wat voorlê.

VLU Groete
Naomi Phillipson



Fluffy Delights
Altyd Tuisgemaak met Liefde.

- VERJAARDAGKOEKE
- BROWNIES
- KOLWYNTJIES
- SOETGOED

OM TE BESTEL EN VIR MEER INLIGTING!!

Nuwe Bakker in die Dorp!!

✉ johanenoeth12@outlook.com
☎ 060 961 6263
📍 Northam, Thabazimbie Area

Hoe kan ledegeld bereken word?

VLU Noord Fonds (R30 / 5%):

Ondersteun administrasie,
bestuur en nakoming.

VLU Noord (R215 / 35%):

Befonds organisasiebyeenkomste,
opleidingsprogramme en reiskoste

Streekledgelde (bv R165 / 30%):

Ondersteun streeksgelede, kleiner
funksies en opleiding.

Takgelde (R180 / 30%):


Direkte befondsing vir saalhuur,
takaktiwiteite, konferensies en
streeksvergadering bywoon
(help lede wat dit nie kan bekostig nie)



Skakelhoekie

Skakelbeampte Hanell Theron

Selnr: 072 531 9242 e-pos: skakel@vlunoord.co.za



Liewe Lede,

Dit is vir my 'n groot voorreg en opgewondenheid om hierdie jaar as die nuwe skakelbeampte van VLU Noord aan u te skryf. Ek voel nederig en gelyktydig bemoedig om in die voetspore te volg van die toegewyde persone wat voor my die Kremetart gevestig en versorg het. Hulle harde werk en passie het 'n stewige fondament gelê waarop ons verder kan bou, en ek is vasbeslote om die standaard te handhaaf.

Ons *Kremetart* is nie net 'n versameling artikels en foto's nie—dit is 'n lewende getuigenis van ons organisasie se hartklop, prestasies en stories. As skakelbeamptes het ons die verantwoordelikheid om nie net inligting oor te dra nie, maar om dit met warmte, deursigtigheid en kreatiwiteit te doen. Hierdie jaar wil ons fokus op selfverbetering in die verskillende afdelings van ons organisasie:

- Om ons kommunikasievaardighede te slyp, sodat elke afdeling se stem duidelik en inspirerend gehoor word.
- Om ons kennis van digitale en gedrukte media te verdiep, sodat ons nuusbrief vars en relevant bly.
- Om sterker verhoudings te bou met spanlede in elke area.

Soos ons die einde van die jaar nader, herinner dit ons dat elke afsluiting ook 'n nuwe begin inhou. Kom ons vier ons suksesse, leer uit ons uitdagings en stap vol vertroue die toekoms binne. Mag ons as organisasie aanhou groei, mekaar ondersteun en hoop versprei deur die stories wat ons deel.

Mag die res van die jaar wat voorlê gevul wees met kreatiwiteit, saamwerking en die moed om ons visie nog groter te droom.

Met waardering en opgewondenheid,
VLU Groete
Hanell Theron

Verrassende feite oor hekel wat jy dalk nie geweet het nie

1. *Hekel kom van die woord “croche”, die Middelfranse woord vir haak.*
2. *Die eerste gepubliseerde hekelpatrone het in 1824 in 'n Nederlandse tydskrif, Penelope, verskyn.*
3. *Die “granny square”, wat oorspronklik in 1897 deur die Weldon Company (Londen) gepubliseer is, is een van die oudste hekelpatrone wat nog steeds in druk is.*
4. *Koningin Victoria van Engeland (1837–1901) het self gehaak en só bygedra tot die vroeë gewildheid van die handwerk.*

Mary Poppins Juice Versterk jou gesondheid natuurlik!

Genesende Eienskappe:

- Versterk Immunstelsel
- Gewigsverlies
- Verbeterde geheue
- Verlaagde bloeddruk
- Reguleer Bloedsuiker
- Laer Cholesterol
- Verhoogde energie
- Versterk metabolisme
- Bakteriële verdediging, ens

Ervaar die voordele van my natuurlike sap

My juice bevat net natuurlike middels wat letterlik vir alle **pyne en skete werk**.


'n Wêreld van gesondheid in 'n bottel

Jy kan nie overdose daarmee nie, dit interfereer nie met medikasie en dit het **geen nuwe effekte** nie behalwe as jy allergies vir mushrooms is.

Ek drink dit self en dit het my **bloeddruk** en **suiker** genormaliseer. **Gewigsverlies** aangehelp sonder dieet en oefening en nog meer.

Bestanddele:


- Roosmaryn Water
- Suurlemoensap
- Appelasyn
- Olyf olie
- Knoffel
- Gemmer
- Borrie
- Kaneel
- Rooipeper
- Himalaya pienk sout
- Chaga Sampioene



Dedre Leonard

062 059 8463

Baie dankie vir jou navraag! Blessings and love. Mary Thanx!



Beoordeling

Beoordelaarsameroepster Retha Prinsloo

Selnr: 082 952 2188 e-pos: beoordelaar@vlunoord.co.za



Beoordeling is die waardebeoordeling van artikels. Dit is baie belangrik dat lede op hoogte van die vereistes van artikels moet wees, soos wat die beoordelaars ook moet wees. 'n Vertrouensverhouding tussen deelnemer en beoordelaar is van uiterste belang.

In hierdie uitgawe van Kremetart verskyn die kompetisies waaraan ons volgende jaar werk. Dit is SA-kompetisies en dan gedurende 2027 word dit deur beoordelaars van ander provinsies beoordeel sodat almal, beoordelaars en nie-beoordelaars kan deelneem. Kom ons gryp die geleentheid sodat VLU Noord sal uitstyg op SA-vlak.

Die Sour-dough brood is 'n nuwe uitdaging! Dit is die enigste kompetisie op VLU Noord-vlak. Onthou streekskompetisies sal daar altyd wees. Neem deel en verryk jouself.

Beoordelaars is altyd bereid om raad en bystand te gee. Vra en moenie terug hou as jy deelneem en wonder nie.

Die artikels waaraan ons nou werk, word vroeg volgende jaar beoordeel. Onthou dit moet op takvlak beoordeel word en 75% behaal.

Sterkte aan al ons lede en die artikels wat klaar is, maar ook die wat nog in wording is. Kompetisies is die ♥van die VLU.

Groete Retha Prinsloo

**INLAND
TOOL
HIRE**

INLAND TOOL HIRE

ADDRESS: N1 BUSINESS CENTRE, MUSINA, 0900
TEL NO: 015 534 0803
CELL NO: 082 440 4719
EMAIL: sales@inlandtool.co.za



SERVICING DEALER



WE ARE READY TO ASSIST YOU WITH COMMERCIAL LAWN AND GARDEN PRODUCTS FOR YOUR SPECIFIC APPLICATION NEEDS, WORKPLACE AND WORKING ENVIRONMENT. WE OFFER EXPERT ADVICE, PROFESSIONAL SUPPORT AND PROACTIVE MAINTENANCE THROUGHOUT THE PRODUCT'S ENTIRE LIFE CYCLE.



Tienie van der Merwe
Director

Coastal Hire Musina

Tel: 015 534 0803 | Mobile: 082 440 4719

musina.sales@coastalhire.co.za | www.coastalhire.co.za

N1 Business Centre, National Road, Shop 8, Musina, 0900



Serving all your equipment hire needs



BOSVELDSTREEK

Riana Oosthuizen

Sel nr: 073 208 9714 e-pos: bosveldstreek@vlunoord.co.za



Liewe VLU-vriendinne



Vier seisoene in 'n jaar, somer, herfs, winter en dan lente...

Ons as mens ervaar ook verskillende seisoene in ons lewens en so is winter een van daardie seisoene waarvan niemand eintlik hou nie.

Die wintertye is gewoonlik wanneer dit nie so goed gaan met ons nie en ons voel alles is teen ons, maar dit is 'n belangrike tyd. In hierdie tye moet ons vas staan in ons vertroue in die Here. Hy bou ons karakter en versterk ons geloof, want elke seisoen het 'n einde.

Na die winter kom die lente en dit is die seisoen van hoop, vreugde en opgewektheid. Alles groei, die gras is weer groen na die eerste reën en plante en bome begin blom.

Dit is lente in die Bosveld en die Bosveldbruidjie kry eerste haar beurt om te blom met die mooiste gevormde wit blommetjies wat later verkleur en amper pienk-bruin word.

Die apiesdoringbome vertoon rooi met hul botsels wat dan later oopbars met hul malse wit poeierkwassies.

Die dopperkiaat volg met sy goudgeel gewaad en die wilde katjiepierung se blomme is rein-wit in die natuur.

Bauhenia-bome (armman-se-orgidee) met hul pienk en wit blomme is 'n kleurontploffing langs die strate. Dit is 'n skouspel van kleure en geure!

Alles is so volmaak geskep en verander ons seisoen ook as ons vas staan in ons geloof en die Here vertrou.

Dit is lente seisoen in ons lewens.

'Lente is wanneer jy voel asof jy wil fluit al is jou skoene vol modder.' Doug Larson

Die Feesseisoen lê om die draai en samesyn met familie en vriende maak ons opgewonde. Mag ons besef dat God se planne vir ons soveel groter is as ons drome vir onself en mag dit vir ons net mooi herinnering inhou.

Mooi Loop.

Riana Oosthuizen
Bosveldstreekvoorsitter

Verrassende feite oor hekel wat jy dalk nie geweet het nie

5. 'n Dubbele hekelsteek is vier keer hoër as 'n breisteek.

6. Hekelkant het baie gesinne gered tydens die Groot Ierse Hongersnood (1845–1849), deurdat dit 'n bestendige inkomste verskaf het aan arm Ierse werkers wat hul handwerk aan ryk Engelse aristokrate verkoop het.

7. Hekel gebruik sowat 'n derde meer wol as brei.

BOSVELDSTREEK

'n Plek vir Elke Generasie

Wanneer mense aan die Vroue Landbou-Unie dink, dink hulle dikwels aan tradisie, kultuur en die waarde van vroue se rol in die gemeenskap. Maar die VLU is lankal nie meer 'n plek net vir "ou tannies" nie. Dit is 'n dinamiese netwerk waar jong én ouer vroue mekaar ontmoet, waar lewenslange vriendskapsbande vorm, en waar daar opregte omgee en ondersteuning is wat werklik uniek is.

Elke maand se vergadering bring nuwe opgewondenheid in elke tak. Dit is 'n plek waar idees gedeel word, waar daar gelag en geleer word, en waar elke lid trots is om deel te wees. Hierdie trots en samehorigheid bring die beste in elke vrou na vore.

As jong vrou leef jy in 'n tyd van eindelose moontlikhede – studies, loopbane, entrepreneurskap en kreatiwiteit. Binne die VLU kry jy die kans om jou energie en vars idees te deel met ander, terwyl jy ook die geleentheid het om van ervare lede te leer. Want as jonger geslagte nie by die ouer geslag leer nie, gaan baie kosbare kennis verlore. Vandag weet sommige jong vroue nie eens meer hoe om 'n eenvoudige knoop vas te werk nie – maar binne die VLU word hierdie vaardighede, saam met baie ander lewenslesse, van geslag tot geslag oorgedra.

Die VLU bied veel meer as handwerk en kookkuns:

- Gemeenskapsprojekte wat 'n verskil maak.
- Werkswinkels en opleidingsgeleenthede wat nuwe vaardighede ontsluit.
- 'n Netwerk van mentors en vriendskappe wat jou dra en inspireer.
- Deel wees van 'n groter beweging wat die stem van vroue versterk.



Ek wil elke VLU-lid aanmoedig om hierdie met 'n vriendin te deel en haar saam te nooi na 'n takvergadering. Baie vroue weet nog nie waarop hulle uitmis nie – kom ons wys hulle die waarde en vreugde van die VLU. Nuwe lede sal gou besef dat hulle heelwat ryker in hul menswees word sodra hulle deel is van die VLU-familie.

Laaste, maar beslis nie die minste nie: ons wil van Bosveldstreekbestuur se kant af vir Ria Strydom, bedank vir alles wat sy gedoen het vir VLU tydens haar termyn as President van VLU Noord. Ons eer haar vir haar positiewe en opregte bydrae, haar bereidwilligheid om diensbaar te wees, en haar vermoë om elke lid raak te sien en waardeer te laat voel – 'n ware voorbeeld van 'n uitstaande VLU-vrou. Bosveldstreekbestuur het afskeid geneem van Ria tydens Strewe tak se maandvergadering in Mei.



VLNR: Adèle Engelbrecht
(skakelbeampte
en vise-Tambotiekring) **Desré Janse**
van Vuuren - agter (sekretaresse)
Ria Strydom (voormalige VLU Noord
president) **Riana Oosthuizen**
(Bosveldstreek voorsitter) **Desiree**
Krüss (voormalige VLU Noord
beoordelaarsameroeper)
Elmaré Human (voormalige VLUN
sekretaresse)
Erika Welgemoed (tesourier)
Afwesig: Denise Barnard
(vise-Hardekoolkring) en **Joan Beukes**
(beoordelaarsameroeper)

Ons vroue is die *hart* van die plaas




vir die **LIEFDE** van die **LAND** | www.vkb.co.za

VKB Hoofkantoor | Chief Albert Luthulistraat 90, Modimolle, 0510 | Tel. 014 719 9211 | ntk@ntk.co.za



LEER KEN BOSVELDSTREEK SE LEDE



*Bianca Pretorius
Beauty Tak*

Beroep: Huisvrou

Aantal jare in VLU:

Aangesluit 7 April 2022 - Alldays Tak

Hoe het jy by die VLU aangesluit?

Deur Juanita Venter

Naam en beroep van eggenoot:

Johann Pretorius - Boer

Aantal Kinders: Twee

Stokperdjies: Kuns, dans en enige iets met natuur betrekke.

VLU Hoogtepunt: Leandi du Rant Praatjie op Vivo

Wat is vir jou lekker by die VLU?

Die samesyn en die leer.

Wat is jou motiveringsboodskap aan mede VLU dames: Blom waar Jy geplant word! "Jy is 'n vrou met vuur in jou hart en lig in jou oë, geen storm is te groot vir jou gees nie, jy is geskep om te blom - selfs in die droogste woestyn."

Vertel ons iets van jouself wat niemand by jou tak van jou weet nie: Ek praat, knêrs in my slaap en ek brei of hakkel as ek op my senuwees is.

Wat verskaf aan jou lewensvreugde: My man, my kinders en lekker mense.



*Janet van Zyl
Vaalwater Tak*

Beroep: Tuisteskepper

Aantal jare in VLU: Twee

Hoe het jy by die VLU aangesluit?

Joan Erasmus het my genooi om saam te kom toe ek nog in Mokopane gebly het.

Naam en beroep van eggenoot:

Riaan van Zyl - Reservaatbestuurder

Aantal Kinders: Twee

Stokperdjies: Kreatief te wees "crafts"

VLU Hoogtepunt: Toe ek my eerste Kongres bygewoon het. Ek beveel aan dat elke VLU lid ten minste een kongres bywoon.

Wat is vir jou lekker by die VLU?

Die rykdom kennis tussen die vrouens en dat ons altyd iets nuuts kan leer en gemotiveerd is om te groei.

Wat is jou motiveringsboodskap aan mede VLU dames: Hier het ons geleentheid om kreatief te wees en onself te verryk en 'n beter lewenskwaliteit te hê en nuwe vriendinne kan maak.

Vertel ons iets van jouself wat niemand by jou tak van jou weet nie: My gunsteling kleur is rooi en ek hou van verrassings.

Wat verskaf aan jou lewensvreugde: My man, my kinders en kleinkinders. Om kreatief te kan wees. Om die mooi in elke dag te sien. My God te kan loof.

LEER KEN BOSVELDSTREEK SE LEDE



*Lizette Pretorius
Beauty Tak*

Beroep: Boer se vrou wat darem self ook met boerbokke boer, skoonheidsterapeut, ma en ouma

Aantal jare by VLU: 15

Hoe het jy by VLU aangesluit: Ek het vir Maritsa Jacobs ontmoet deur ons kinders. Ons twee het die bussie (met 14 kinders!) van ons omgewing aangery skooltoe. Sy het my vertel hoe lekker VLU is en my oorreed. Toe my kinders gr 8 koshuis toe gaan, het ek skielik baie meer tyd tot my beskikking gehad en so het ons besties geword.

Naam en beroep van eggenoot: Getroud met Kudu Pretorius al vir 32 jaar en hy boer met beeste, boerbokke en wild.

Aantal kinders: 4 kinders, Theunis (Kudu) is 31 jaar oud en drieling Jacques, Rudolph en Marizelle is 28 jaar oud. Rudolph is verlede jaar April getroud en Jacques in Junie. Hulle seuntjies is op 26 Junie en 2 Julie gebore.

Stokperdjies: Ek is mal oor tuinmaak en boervrou speel. "Homesteading" soos die Amerikaners dit noem – groente en vrugte te plant, verwerk, huis mooimaak en ouma wees. Met die kinders grootmaak was daar nie baie tyd vir stokperdjies nie en geniet ek dit nou baie.

VLU hoogtepunt: Konferensie is elke jaar n hoogtepunt. Buiten vir die trots en lekker dat my tak altyd goed doen is dit altyd 'n 2 dag-uitstappie van lekker kuier, laf wees en ontspan.

Wat is vir my lekker by VLU: Verseker die "sisterhood". Ons hou regtig van mekaar en deel mekaar se vreugdes en hartseer. Die tannies is vir my soos moeders en ek sal graag as hul dogter gesien wou word. Dis vir my n veilige plek om te wees. Dit is altyd leersaam al is dit nie iets waarin ek goed is nie. Daar is iets vir almal!

Wat is jou motiveringsboodskap vir ander VLU dames: Om deel te wees. Partykeer raak dit baie om te hanteer, maar die soet is baie lekkerder en word langer onthou as die bietjie sout (soos admin byvoorbeeld. LOL)

Vertel ons iets van jouself wat niemand by jou tak weet nie: Ek is nogals deursigtig en loop met my hart op my mou so almal ken my redelik goed. Miskien dat ek nog kan onthou hoe onseker en sonder selfvertroue ek die eerste keer myself moes bekendstel by die VLU. Ek was ongelooflik bang om voor mense te praat en kan onthou hoe my stem gebewe het.

Wat verskaf jou lewensvreugde: Om te sien hoe iemand selfvertroue ontwikkel wanneer ek hulle bemoedig. Bemoediging is verseker my liefdestaal.



BEAUTY

So staan ons aan die einde van die jaar...

Ag, maar watter jaar was dit nie! 'n Jaar vol lag, huil, en daardie lekker skaterlag wat jou make-up laat kraak en jou tande laat wys.

Januarie en Februarie het ons letterlik in die water gedryf – maar nee wat, ons Beauty's het nie gesink nie! Ons het soos ware susters saamgestaan, bietjie geswem, bietjie geroei, en weer sterker anderkant uitgekom.

Maart het ons tak ook die groot 60 bereik – ja, ses dekades van styl, lag en Beauty-glans! Ons vier dit natuurlik eers in September, want hoe anders? Ons kalender is so vol soos 'n koekpan by 'n basaar.

Een van die groot “highlight reels” was ons konferensie in Maart maand by die Windpomp naby Ellisras. Ai, ons het gesweet, gesukkel, geskarrel – maar toe die dag aanbreek, was dit 'n showstopper! Want saam Beauty's? Ag, dan kan selfs 'n windpomp draai sonder wind.

En wie kan ons kongresdag vergeet? 'n Dag van sing, dans, stories en genoeg lag om jou kakebeen te laat pyn. Dit was pure fees!

So, liewe Beauty's – julle is nie net 'n tak nie. Julle is 'n tak uit 1000 ... en nog 'n ekstra glitterlaag daarby!



Wenke om jou breinaalde te versorg

1. Bly bevogtig. Hoëgehalte-houtnaalde word natuurlik gladder met gebruik (deur die lanolien in wol en die olie van breiers se hande), maar dit is steeds 'n goeie idee om hulle af en toe skoon te maak en te bevogtig met byewas en 'n moeseliendoek of sagte lap.

2. Daar is was vir dit! Poleer bamboesnaalde met waspapier om hulle weer te laat blink wanneer hulle dof of “klewerig” raak met gebruik.

ELLISRAS

'n Somerbyeenkoms om te onthou – Ellisras VLU verwelkom Rina van Wyk en vier kreatiwiteit in landbou.

Alhoewel ons byeenkoms op 14 Augustus 2025 soos enige ander begin het, het dit gou duidelik geword dat dit geen gewone byeenkoms was nie. Gehou onder die warm belofte van die somer, het ons Ellisras VLU-tak bymekaargekom vir 'n dag gevul met kameraadskap, viering en kreatiwiteit.

Die vertrek was oorstroom van energie toe 'n groot groep dames bymekaargekom het – elkeen het haar eie vonk na die geleentheid gebring. Dit was bemoedigend om sulke entoesiastiese deelname te sien, 'n ware weerspieëling van die lewendige gees wat ons tak definieer.


Ons het die besondere plesier gehad om amptelik ons derde nuwe lid van die jaar te verwelkom: Rina van Wyk! Haar aankoms is 'n pragtige toevoeging tot ons groeiende susterskap, en ons is verheug om haar by die Ellisras VLU-familie te hê. Rina, mag jou reis saam met ons gevul wees met inspirasie, lag en betekenisvolle verbintenisse.

Die hoogtepunt van die dag was ongetwyfeld die DIY-dekorbeplanningsprojek wat deur een van ons eie lede, Liezel Roesch aangebied is. Haar toewyding en aandag aan detail was niks minder as buitengewoon nie. Liezel het nie net al die materiaal wat vir die projek benodig is, voorsien nie, maar sy het ons ook met geduld en presisie deur elke stap gelei.

Haar deurdagte benadering het 'n eenvoudige aktiviteit in 'n meesterklas in kreatiwiteit omskep. Elke vrou in die vertrek was diep beïndruk – en ongelooflik dankbaar – vir die moeite en sorg wat Liezel in hierdie inisiatief gesit het. Dit was meer as net 'n projek; dit was 'n gedeelde ervaring wat ons nader gebring het en nuwe idees vir toekomstige byeenkomste laat ontstaan het.

Ons bedank Liezel hartlik vir haar uitdagende werk. Haar bydrae is 'n voorbeeld van die gees van VLU – waar vrygewigheid, kreatiwiteit en gemeenskap saamkom om op te hef en te inspireer.


Terwyl ons uitkyk na die res van die seisoen, dra ons die warmte van hierdie onvergeetlike dag en die vreugde van saamgroei saam met ons.



**Liezel Roesch
demonsteer vir
ons die
DIY-dekorbeplan-
ningsprojek.**



**Ons 3de nuwe lid
vir die jaar van
2025 Rina van
Wyk!**



Anita Swart en Madeleine du Plessis geniet geleentheid om met natuurlike materiale in 'n ontspanne, sosiale omgewing te werk.

NORTHAM




VLU Northam tak het vir Daleen Venter (Pastorale berader wat spesialiseer in trauma en verhoudings), gehad as spreker en die tema was 'Wees die verskil vir kinders'.

Ons het besoekers van Strewe tak gehad asook lede van die publiek.



VLU Northam Lede en Gaste in kleurvolle uitrustings



Daleen Venter

Wenke om jou breinaalde te versorg

- 3. Gladde werking.** Om te voorkom dat gare vashaak terwyl jy brei, kan jy baie fyn skuurpapier of 'n vyl (emery board) gebruik om enige ruwe kolletjies op 'n bamboesnaald sagkens glad te maak.
- 4. Hou hulle uit die son.** Moenie jou naalde aan uiterste temperature blootstel nie, en vermy direkte sonlig waar moontlik.
- 5. Beskerm die punte.** Gebruik puntbeskermers op jou naalde—veral op dunner naalde of wanneer jy dit in jou projek-sak bêre—om te keer dat die punte afskilfer of breek.
- 6. Moenie 'n McGyver wees nie.** Gebruik jou naalde slegs vir breiwerk—nie om wynbottels oop te maak, gate in verpakings te steek, of iets van 'n hoë rak af te probeer gryp nie!
- 7. Laat dit blink.** As nikkel-geplateerde of elektrogeplateerde kopernaalde begin dof word, gebruik 'n mikrovesellap om hulle weer tot hul oorspronklike glans te poleer.
- 8. Bly kalm; doop en trek.** Om kringende sirkelnaalde reg te maak, doop die plastiekkord vir 'n paar sekondes in warm (nie kookende) water nie. Trek dit saggies reguit en herhaal indien nodig.

SKEMER

ENTREPRENEURSKAP DEUR DIE JEUG

Jennifer Riekert van die Skemer aantak en haar 10 jarige seun CJ is 'n voorbeeld van goeie entrepreneurskap in ons wêreld waar werksekerheid al hoe meer 'n mite word en jongmense toenemend sukkel om hul plek in die arbeidsmark te vind. Entrepreneurskap in Suid-Afrika is nie meer 'n opsie nie, maar 'n noodsaaklikheid. Jennifer het haar seun van jonk af geleer dat wanneer jy iets wil hê jy daarvoor moet werk. CJ het in 2023 begin met die verplantjies wat hy verkoop en maak die oulikste tuintjies. Hy neem ook tans deel aan Lephalale Mall se Entrepreneurs kompetisie.

Entrepreneurskap verwys na die proses waar iemand 'n idee in 'n volhoubare besigheid omskep. Dit beteken jy neem 'n risiko, begin iets van nuuts af, en werk hard om dit suksesvol te maak. Entrepreneurs sien geleenthede waar ander struikelblokke sien, en gebruik hul kreatiwiteit en vasberadenheid om oplossings te skep. Die entrepreneur kan nie net vir hulself 'n inkomste genereer nie, maar ook werkseleenthede vir ander skep. Begin klein, leer aanhoudend en soek mentors. 'n Goeie entrepreneur is dapper en het deursettingsvermoë, is kreatief genoeg om oplossings vir ou probleme te vind, 'n goeie beplanner wees en strategie kan gebruik, asook 'n goeie motiveerder om hulself en ander te motiveer.



Wenke om jou breinaalde te versorg

9. Hou dit reguit. Om plastiek-breinaalde reguit te maak, kook water in 'n pot; hou die naalde oor die opstygende stoom; haal dit uit en reguit dit met jou vingers; doop die reguitgemaakte naalde onmiddellik in koue water om die vorm te stel.

10. Weet wanneer om totsiens te sê. As metaal-, plastiek- of houtnaalde 'n groot krap of skeurtjie kry, is dit gewoonlik tyd om hulle te laat gaan—so beskerm jy jou gare teen haakplekke of skeure

STEENBOKPAN

'n Gesellige High Tea vol geur en geselskap

Ons tak het onlangs saamgekom vir 'n stylvolle High Tea vergadering, en dit was beslis 'n hoogtepunt op ons kalender. Die tafels was pragtig gedek met blomme, fyn porselien en heerlike eetgoed wat almal se smaakknoppies bederf het.

Die middag was gevul met gesellige geselskap, lag en warmte— presies wat ons nodig het om weer nuwe energie te kry.

Die High Tea het nie net ons maag gevul nie, maar ook ons harte. Dis sulke geleenthede wat ons herinner aan die waarde van ons tak en die sterk bande wat ons deur die jaar bou.



Elke vergadering 'n hoogtepunt

Elke VLU-vergadering is soos 'n asemteug vars lug. Jy arriveer met die gewig van jou dag, maar jy vertrek ligter, gevoed met inspirasie en die warmte van samesyn. Hier word idees uitgeruil, kennis gedeel en harte versterk.

Vroue is uniek – elkeen bring iets eie na die tafel: wysheid, humor, kreatiwiteit, of sommer net 'n luisterende oor. Saam vorm ons 'n mosaïek van kleure en geure wat nie vervang kan word nie.

By die VLU word ons daaraan herinner dat ons nie alleen staan nie. Hier vind ons vriendskap, ondersteuning en die stille krag van vroue wat weet hoe om mekaar op te hef. Elke vergadering is meer as 'n byeenkoms – dit is 'n viering van wie ons is.

Nog n paar wenke:

Beetvlekke: Kan, wanneer vars, verwyder word deur sout op die vlek te vryf en inlou warm water te was.

STREWE

Oreo koekie Tert

50 Oreo Koekies
1/2 kp ongesoute botter
1/2 kp wit sjokolade chips
3 x 230gr vol vet roomkaas, gewoon
1 1/2 kp versiersuiker
1 1/4 kp room



Metode

- 1) Voer 'n losboompan met waspapier
- 2) Maak 25 koekies fyn in voedselverwerker en voeg gesmelte botter by
- 3) Druk plat in losboompan as kors
- 4) In 'n medium bak - meng die sjokolade en 1/4 kp room en smelt in die mikrogolf, 20 sek op hoog. Roer en herhaal tot gesmelt
- 5) In 'n groot bak - klits die roomkaas tot glad en voeg versiersuiker by. Meng goed.
- 6) Klits 1kp room tot styf en voeg by roomkaasmengsel.
- 7) Breek 20 koekies fyn en voeg by roomkaasmengsel.
- 8) Skep in pan en verkoel vir ten minste 6uur.
- 9) Versier met oorblywende koekies



VAALWATER

Vaalwater tak spook om weer op dreef te kom maar ons het 'n lekker borrelverf oggend gehad met 3 nuwe lede en belangstellendes. Almal het dit baie geniet en ons het afgesluit met 'n heerlike koppie tee en lekker eetgoed. Ons sien uit na ons volgende vergadering met nog meer dames.



**Van links na regs Chantal Dercksen,
Salomé Wessels en Elizabeth Korff**



Nog n paar wenke:

Jy besluit die oggend vol bravade jy gaan bak! Jy besluit om iets eenvoudigs aan te pak en hoop jy het alles in die kas sodat jy nie nog nodig het om winkel toe te ry nie (want jy weet as jy eers in 'n winkel moet instap gaan jy dalk nie daarna nog lus wees vir bak nie... of jy bly doodeenvoudig regtig ver van die winkel af!) Maar o wee...jy kort een of ander gewone bestanddeel... Hier is 'n paar plaasvervangers wat jou dalk sal kan red... (soos gekry uit die Kook en Geniet en 'n paar ander bronne)...

1 koppie bruismeel = 1 koppie meel + 1/2 eetlepel bakpoeier

1 teelepel bakpoeier = 1/4 teelepel koeksoda + 1/2 teelepel kremetart

1 koppie suurmilk of karringmelk = 1 koppie melk + 1 eetlepel asyn of suurlemoensap

1 koppie suurroom = 1 koppie room + 20ml suurlemoensap

1 koppie melk = 1 koppie water + 60ml melkpoeier (net vir in gebak)

230g botter = 220ml kookolie (waar botter net gesmelt gebruik word)

*1 teelepel "all-spice" = 1/2 teelepel kaneel + 1/4 teelepel gemaalde naeltjies +
1/4 teelepel gemaalde neutmuskaat*

SKADUNETTE TE KOOP



**Beskerm jou oeste teen
die strawwe Afrika-son!**

Ons TOPGEHALTE skadunette help jou

- ✓ Sonbrand op gewasse te voorkom
- ✓ Windskade te verminder
- ✓ Verdamping te beperk – bespaar water
- ✓ Gehalte en opbrengs te verbeter
- ✓ Die lewensduur van jou net te verleng met UV-beskerming



 Kleure beskikbaar: Grys, Charcoal of Wit

 Grootte: 6m breed x 100m lank

**Prys: R5400
+ BTW**



Kontak vir Leona 0785224792





SOETDORINGSTREEK

Retha Oosthuizen

Sel nr: 064 894 9385

e-pos: soetdoringstreek@vlunoord.co.za



Liewe lede en vriendinne,

Soos ons aan die einde van hierdie jaar kom, kyk ons met dankbaarheid terug op alles wat ons saam bereik het. Elke vergadering, elke projek en elke oomblik van saamwees het weereens gewys hoe waardevol ons verbondenheid is.

Mag die feestyd vir julle vrede, vreugde en rus bring, en mag die nuwe jaar vol vars moed, nuwe geleenthede en oorvloedige seëninge wees.

Dankie dat u deel is van hierdie kosbare organisasie – saam maak ons 'n verskil, nie net in ons gemeenskappe nie, maar ook in mekaar se lewens.

Vrolike Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar vir elkeen en haar gesin!

Soetdoring-groete

Retha



POLOKWANE

LIMPOPO

LI-ANNE 064 675 3509

Polokwane Limpopo Depot Agent for Pierre@Ecohealth Pierre's Go-To List!

Feel the Heal Make Life Real

Eco-friendly Products

100% NATURAL PRODUCT

Health is Wealth!

100% NATURAL HEALTH

Body Care Products

Weight Loss Products

Animal Products

Nog n paar wenke:

Vetkolle: Verwyder vetkolle van stowwe deur kladpapier oor die gevlekte dele te plaas en met 'n warm yster te stryk. Herhaal met skoon papier tot die vlek verdwyn.

Koffievlekke: Om 'n koffievlek te verwyder, strek kleeystof oor 'n bakkie met die gevlekte deel in die middel. Hou in posisie met rek. Giet kokende water deur die vlek. Herhaal soos nodig.

Pasteideeg: Om te verhoed dat pasteideeg die klamheid van die vleis in die pastei absorber. Smeer eers die wit van 'n eier oor die deeg.

Vrugte Slaaisous: Wanneer jy konfyt opgebruik het, los 'n bietjie konfyt oor in die potjie. Voeg ewe hoeveelhede olyfolie en balsamiekasyn in die potjie en skud dit op. Gebruik hierdie dan as slaaisous.

SOETDORINGSTREEK

Soetdoringstreek vier 'n jaar van groei, dankbaarheid en verbondenheid.

Soetdoringstreek is met trots vervul terwyl ons terugkyk op 'n suksesvolle en inspirerende jaar. Ons is opreg dankbaar vir ons toegewyde lede wie se harde werk en entoesiasme duidelik gestraal het tydens die Kongres van 2025, waar ons streek se prestasies en deelname ons met trots vervul het.

Deur die jaar het ons lede aktief en betrokke gebly—hulle netwerk, ondersteun mekaar en verseker dat Soetdoringstreek aanhou groei as 'n lewendige en samehangende gemeenskap.

Een van die hoogtepunte was ons Damesoggend-fondsinsameling, met die tema “The Disease to Please.” Die geleentheid het vroue van regoor die streek bymekaar gebring vir 'n oggend vol geselligheid, lag en inspirasie. Gaste het die geleentheid terdeë geniet en geluister na 'n ervare dieetkundige wat waardevolle wenke oor gesonde leefstyl en eetgewoontes gedeel het. Dit was 'n oggend wat liggaam en gees gevoed het en ons herinner het aan die belangrikheid van balans en selfversorging.

Terwyl ons hierdie jaar afsluit met dankbaarheid en nadenke, sien ons met hernieuwe opgewondenheid uit na 2026—'n jaar waarin ons die geleentheid het om ons eie uniekheid as organisasie te ontdek en voort te bou op die sterk fondament wat Soetdoringstreek so besonders maak.

“Ons kyk terug met dankbaarheid en vorentoe met hoop—om ons eie uniekheid te ontdek.”



**LnR Soetdoringstreek voorsitter –
Retha Oosthuizen en dieetkundige Anri Nel**



**LnR Soetdoringstreek voorsitter –
Retha Oosthuizen en spreker, Sandra de Graaf**



**LnR VLU Noord President, Leanda Le Cornu en
Soetdoringstreek voorsitter - Retha Oosthuizen**



Mabalingwe Tak

LEER KEN SOETDORINGSTREEK SE LEDE



Nicola Strauss
Aandstertak

Beroep:

Student by kleuterskool – Swot onderwys

Gesin:

Ma – Nanette Botha,
Boetie – Russel Strauss
Stiefpa – Dirk Botha

Hoe het jy by die VLU aangesluit?

Ek het saam my ma – Nanette Botha gegaan
En toe besluit om aan te sluit

Stokperdjies en belangstellings:

Om met kinders te werk en hulle sien ontwikkel.
Ek geniet baie om kos te maak en 'n goeie boek te lees.

Wat is vir jou lekker by die VLU?

Al die geselskap en stories van al die tannies, die saam kuier en die unieke idees wat ons moet maak asook al die raad van die tannies.

Boodskap aan VLU vriendinne:

Elke ystervrou van die VLU, julle is sterre. Al die raad, ondersteuning en aanmoediging van elke kant af help mens so ontwikkel. Moet nooit verander nie en bly altyd die goeie vrou met die Christelike waardes.



Corne van Heerden
Olientak

Beroep:

Voedseldiens toesighouer

Gesin:

Een seun – Sj van Heerden, 21

Hoe het jy by die VLU aangesluit?

Ek was 'n lid van die Aandster tak – het weg getrek en aangesluit by Nylstroomtak.

Stokperdjies en belangstellings:

Fiets ry, swem, natuur, kuns en mense is my grootste belangstelling.

Wat is vir jou lekker by die VLU?

My vriendinne is naby aan my hart.

Boodskap aan VLU vriendinne:

Glo altyd in jouself, kyk altyd op, die Here is altyd by ons maak nie saak hoe ons omstandighede is nie, Hy is altyd getrou.

VLU NOORD JAARBEPLANNING - 2026

November 2025

- ♥ Takke hou verkiesing/herverkies nuwe bestuur, met stembriewe.
- ♥ Opnamevorm voltooi direk na Verkiesing /herverkiesing, en stuur aan die streek se sekretaresse/streekvoorsitter.
- ♥ Streekvoorsitter/-sekretaresse stuur beide die Streek, asook die takke, se nuwe **bestuursopnamevorme** na die VLU Noord kantoor en President voor of op **04 Desember 2025**.
- ♥ Ampte ontvang jaarverslae om te voltooi.
- ♥ Streekvoorsitters ontvang lys vir Tema ens. en Kompetisievoorstelle
- ♥ Sluitingsdatum vir nominasies vir die Welwillendheidsfonds: **31 Desember 2025** in by President.
- ♥ 15 Desember 2025: Alle eise en inbetalings, moet op datum wees by VLU Noord kantoor.
- ♥ Fakture vir ledegeld en Fondsinsameling moet betaal wees voor of op 30 Nov.
- ♥ 05 Desember – **Kantoor sluit**.

Januarie 2026

- ♥ UB-vergadering: Metaalvoorraad word uitgedeel aan streekvoorsitters
- ♥ Takvoorsitters lê die volgende verslae en nominasies voor vir goedkeuring op takvergadering:
Voorsitters- en argiefverslag.
Nominasie vir takskakel | "Top lid van die Jaar" | Ideale Deelnemer vd Jaar.
- ♥ Takskakels lê die skakelverslag voor vir goedkeuring.
- ♥ Beoordelaarsameroeper lê beoordelaarsverslag voor.
- ♥ Taktesouriere lê die finansiële verslag voor vir goedkeuring, asook die tak se begroting vir die nuwe jaar. (Bywoning vir Konferensie, streekvergaderings, inligtingdag, kongres en SAVLU-Kongres. Uitgawes vir skakelwerk, ens.) Alle takke moet 'n bankrekening in die tak se naam hê.
- ♥ Alle verslae moet aan Streekvoorsitters ge-e-pos word direk na goedkeuring.
- ♥ Takke ontvang 'n datumslys vir die jaar se administrasie take en alle vorms benodig vir bestellings, ledeopdatering ens.

Februarie 2026

- ♥ Beoordeling vind plaas – elke streek sal eie datum, plek en tyd aandui.
Alle kompetisieartikels soos onderskeie streke verlang, word ingehandig.
Handig takalbums in vir beoordeling.
Betaal kompetisie-inskrywingsfooie aan streek.

♥ E-pos van vorms:

Nominasies: Top Lid v.d. Jaar (2 jaarliks)
Koraalstreek – Ideale Deelnemer v.d. Jaar na Streekvoorsitter.

Konferensie besprekings met geld na tesourier
Inskrywingsvorm vir blommekompetisie by Konferensie na beoordelaarsameroeper.
Voorraadbestedings, ledelyste en ledegeld na VLU Noord kantoor voor of op 28 Februarie.

- ♥ 1 Febr. word ledelyste van kantoor uitgestuur na takke vir kontrole en takke stuur metaal/handleidingvoorraadbestelvorme in.
- 15 Febr. stuur takke ledeopdateringsvorm terug na kantoor en fakture vir voorraadbestedings word uitgestuur na takke.
- 25 Febr. moet alle voorraadbestedings se betalings gedoen wees.

Maart 2026

- ♥ Konferensies:
05 Mrt. Bosveldstreek
28 Febr. Koraalstreek
07 Mrt. Soetdoringstreek
- ♥ Takvoorsitters e-pos die volgende na Streekvoorsitters.
 - Nominasie vir Top Lid v.d. Jaar. (Wenner van die onderskeie streke – wanneer van toepassing)
 - Voorstelle vir Tema, ens. vir 2026
 - Kompetisie voorstelle vir VLU Noord vir 2026
- ♥ Takalbums: Na Konferensie moet takalbums deur onderskeie takke geneem word.
- ♥ Streekbeoordelaarsameroeper e-pos 'n lys van kompetisie inskrywings + bewys van betaling vir inskrywingsfooie aan provinsiale beoordelaarsameroeper.
- ♥ Streekvoorsitters e-pos Streekvoorsittersverslag asook streekargiefverslag na President.
- ♥ Streekskakelbeamptes e-pos streekskakelverslag na President
- ♥ Streekbeoordelaarsameroepers e-pos Streekbeoordelaarsverslae na President
- ♥ Streektesouriere e-pos streek-finansiëleverslae na President. Streek-finansiëleverslag gaan saam met Voorsittersverslag
(President e-pos – president@vlunoord.co.za)
- ♥ 1 Maart: fakture vir ledegeld gaan uit.
Voor of op 31 Maart moet alle ledegeldbetalings aan VLU Noord in wees asook kongresbesprekings en betalings.
- ♥ Kremetart – Sluitingsdatum is 20 Maart 2026.

April 2026

- ♥ Streekbeoordelaarsameroepers in oorleg met hulle streke handig die provinsiale kompetisieartikels in op datum, plek en tyd soos bepaal

VLU NOORD JAARBEPLANNING - 2026

deur die provinsiale beoordelaarsameroeper.

♥ April – VLU Noord Kongres beoordeling.

Mei 2026

♥ Kongres: 20 & 21 Mei 2026 Weesgerus Vakansie Oord, Modimolle.

Junie 2026

♥ Eerste week eksamen vir aspirant beoordelaars in oorleg met die provinsiale beoordelaarsameroeper.

Julie 2026

♥ 1 Julie Kantoor stuur voorlopige lidmaatskaptoekenningslyste en fakture vir 2026 uit aan takke vir kontrole.

Augustus 2026

♥ UB-vergadering
♥ 15 Aug. moet gekontroleerde lidmaatskaptoekenningslyste van takke terug by kantoor wees en ander metaal- / handleidingvoorraad bestelvorms .
31 Aug. word fakture uitgestuur aan takke vir Lidmaatskaptoekennings en voorraadbestedings.

September 2026 – VLU Maand

♥ Kremetart – Sluitingsdatum: 2 September 2026
♥ Sluitingsdatum vir SAVLU-beurs: 20 September 2026 by SAVLU-President.
♥ 1 September: Ledelyste word uitgestuur vir kontrole na takke.
♥ 21 September: ledeopdateringsvorme terug by Kantoor en voorraadbestedings saam met lidmaatskaptoekennings moet betaal wees.

Oktober 2026

♥ 1 Oktober: fakture gaan uit na takke vir ledegelde.
♥ Wêreld Landelike Vrouedag – 15 Okt. 2026

CONGRESS | KONGRES

Datum|Date: 20 & 21 Mei 2026

Venue: Weesgerus Vakansie Oord, Modimolle

LEDEGELD | MEMBERSHIP FEES

VLU Noord-ledegeld is vooruitbetaalbaar vir die tydperk: 1 Januarie 2026 - 31 Des. 2026

Voljaar | Full year: R215.00 per lid (Lede wat aansluit voor 1 Julie). Betaalbaar aan hoofkantoor met die einde Februarie - ledelys. Fakture word begin Maart uitgereik.

Halfjaar | Half year: R110.00 per member (Members who join after 1 July) to be paid with the end of September membership list as per invoice issued at the beginning of October.

SAWAU Membership fee | SAVLU-ledegeld: R18.15 per lid per jaar. Die bedrag is ingesluit in die VLU Noord ledegeld en word deur hoofkantoor in

November oorbetaal.

SPESIALE DAE / SPECIAL DAYS

SAVLU-Dag: Kies enige dag gedurende September om spesiale aandag aan die oorkoepelende organisasie, die SAVLU, te gee (bv. nooi nie-lede vir 'n tee, hou 'n vasvra oor SAVLU, of hou spesiale fondsinsamelingsaksies).

UITNODIGINGS

Wanneer takke/streke die Presidente of enige van die UB-lede uitnooi om besoek by die tak/streek af te lê, is die TAK/STREEK vir die genooies se REISKOSTE verantwoordelik! Dieselfde geld vir wanneer die presidente en streekvoorsitters deur takke genooi word om spesiale byeenkomste, ensovoorts by te woon. 'n Streekvoorsitter besoek elke tak in haar streek amptelik een keer elke twee jaar op koste van die Organisasie. Sy mag ook haar vise-voorsitter vra om besoeke namens haar te doen. Enige ander besoeke, behalwe hierdie amptelike twee, is vir die rekening van die tak wat haar nooi!!

Reiskoste moet te alle tye vir alle sprekers aangebied word. Vra ook voor die tyd vir 'n spreker wat sy/haar fooi is.

VLU NOORD WELWILLENDHEIDSFONDS/ WAU NORTH GOODWILL FUND

Die opbrengs van die rente van die fonds word aan 'n verdienstelike organisasie uitbetaal. Organisasies doen aansoek by VLU Noord President.

Sluitingsdatum: 30 November van elke jaar.

ADVERTENSIETARIEWE - KREMETART

Vorme is beskikbaar by die streekskakelbeampes. Tariewe per advertensie:

Volblad: R1000

Halfblad: R500

Kwart- tot 'n agsteblad: R300

Volkleur: R4000

Indien daar geen advertensie uit 'n tak gewerf word nie, word R1000 donasie aan VLU Noord oorbetaal.

Advertensies word net in skakerings van 1 kleur gedruk. Stuur alle advertensies direk aan streekskakelbeampes:

Bosveldstreek bosveldskakel@gmail.com

Soetdoringstreek soetdoringskakel@gmail.com

Koraalstreek koraalskakel@gmail.com

BELANGRIK: Daar sal voortaan **slegs 2 uitgawes** van Kremetart wees

Sluitingsdatums vir berigte en advertensies vir Kremetart 2026

Eerste uitgawe: 23 Maart 2026

Tweede uitgawe: 2 September 2026

VLU NOORD JAARBEPLANNING - 2026

VLU NOORD PROGRAMLEIDING

Die programleiding is slegs 'n riglyn vir takke vir die opstel van hul jaarprogram. Gebruik soveel daaruit as wat u tak verkies. Voeg nuwe onderwerpe by om in die behoeftes van u lede te voorsien.

AKTUELE SAKE

Alles wat u as aktueel en relevant beskou byvoorbeeld:

- Leefstyl (Nuut bygevoeg)
- Gemeenskapsprojekte (vigs, tee vir bejaardes, veiligheid, ondersteuning van SAVF)
- Ekonomie
- Wetlike aspekte
- Weerbaarheid
- Gesinslewe
- Entrepreneurskap

KULTUUR

Die bewaring en bestudering van ons eie en ander kultuurerfenis, asook die instandhouding daarvan.

LANDBOU EN TUINBOU

Rol van die vrou in landbou (administrasie, produksie, bemaking, ensovoorts)

- Ekotoerisme
- Tuinbou
- Omgewingsbewaring
- Skakeling met Landbou-Unies

KREATIEWEIT

Kunste (alle vorme: drama, sang, musiek, beeldende-, skilder- en skryfkuns)

- Blommekuns
- Handvlyt
- Bak en Brou
- Fotografie
- Naaldwerk
- Brei- en hekelwerk

GESONDHEID

'n Gesonde lewensstyl

Bewusmakingsprogramme (bv. stres, depressie, verslawing, ensovoorts)

Gesondheidsprojekte (bv. takbetrokkenheid by gestremdes, dowes, blindes, kanker, ensovoorts)

VLU ONS EIE

VLU Noord (tema, projekte, kunstenaar, skrywer, boom van die jaar, takfunksies, streekfunksies, konferensies, kongres)

SAVLU (SAVLU-dag in September, kongres en tema wanneer van toepassing)

WBPV (WBPV- dag, 29 April, vriendskapsmunte, driejaarlikse konferensie, projek en tema wanneer van toepassing)

WAU NORTH PROGRAMME GUIDELINES

These are only suggestions to be included in your year programmes. Use as much as your branch prefers and add other subjects to meet the needs of your members.

CURRENT AFFAIRS

Anything you consider being actual and relevant for example:

Community and goodwill projects (e.g. tea for the elderly, security, support for SAWF, etcetera)

- Lifestyle
- Economics
- Legal aspects
- Self Defense
- Family life
- Entrepreneurship

CULTURE

Conservation and study of our own and other cultures, as well as the maintenance of our cultural inheritance.

AGRICULTURE AND HORTICULTURE

The role of women in agriculture (administration, production, marketing, etcetera)

- Eco tourism
- Horticulture
- Environmental conservation
- Liaison with Agricultural Unions

CREATIVITY

- Arts (all aspects, drama song, music, sculpture, painting and the art of writing)
- Floral art
- Photography
- Handcrafts
- Needlework
- Baking and Concocting

HEALTH

Promoting a healthy lifestyle

Awareness programs (stress, depression, drug addiction, etcetera)

Health projects (the involvement of branches regarding cripple care, the deaf, the blind, cancer, etcetera)

W A U OUR OWN

WAU North (theme, projects, artist, author, tree of the year, branch functions, area conference, congress)

SAWAU (Congress, SAWAU-day during September, theme when applicable)

ACWW (ACWW day, 29 April, Pennies for Friendship, Triennial Conference, embroidery project and theme when applicable)

VLU NOORD JAARBEPLANNING - 2026

VLU NOORD INLIGTING 2026

Tema | Theme

**Omhels jou Uniekheid |
Embrace your Uniqueness**

Produk | Product

Koffie | Coffee

Projek | Project

Wees ingelig | Be informed
(Kunsmatige intelligensie – Hoe raak dit jou? Artificial
Intelligence – How does it affect you?)

Kunstenaar van die jaar | Artist of the year
Johan Scheppel (Vioolspeler)

Studierigting | Field of Study
Aktuele Sake | Current Affairs

Persoonlikheid | Personality
Antoinette Steyn

Skrywer v.d. Jaar | Writer of the Year
Warwick Tarboton

Bome van die jaar | Trees of the year
**Sideroxylon inerme subsp. inerme, White-
milkwood Mimosa caffra, Red milkwood
Spirostachys africana, Tamboti**

2026 - Kompetisies

SAVLU

Masjienwerk: Stik-en-sny metode (Stitch and slash)

Masjienborduur: Skinkbordlappie

Borduurwerk: Getelde draadborduurwerk

Hekelwerk: Amigurumi speelding

Breiwark: Kreatiewe gilet

Handvlyt: Aktiwiteitsboekie vir 'n kleuter (+/- 3-5
jaar)

Lekkers:

Preservering:

Fotografie: "Noir" Fotografie

Skilderkuns: Landskap in akrielverf.

Skryfkuns: Onderwerp: Storie vir 'n kleuter

NOORD

Gebak: "Sourdough" brood

R15.00 per kompetisie inskrywing.

STREEKKOMPETISIES

BOSVELD

Preservering: Kerrieboontjies

Lekkers: Spiraal Brossuiker stafies

KORAAL

Suikerkuns:

1 Orgidee

Gebak:

Dadelbroodjie

Preservering:

Gemmer stukke in stroop

Lekkers:

Macaroni's

Masjienwerk:

Informele rok

Breiwark:

Kindertrui met prent

Hekelwerk:

Corner to Corner

Kussingsloop

Borduurmasjienwerk: Hardanger artikel

Borduurwerk:

Kruissteek gastehanddoek

Skilder:

Watervarf kaartjie met

Zintangle

Fotografie:

Herfs

Handvlyt:

Papierkuns

Skryfkuns:

Afrikaans my taal

SOETDORING

Borduurwerk:

Gasalguidi

Breiwark:

Dames|Mans pullover

Preservering:

Slaphakskeentjies

Lekkers:

Vrugtesmeerrolle met
gekookte vrugte

Fotografie:

Gesig foto

Handvlyt:

Mikro Mosaik

VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE



SAVLU

SAWAU

Affiliated to ACWW/Ge-affilieer by WBPV
Suite RG 77 Private Bag X 1809 Middelburg 1050

Epos: president@savlu.co.za Cell:082 770 7747 Webblad: www.savlu.co.za

Liefste VLU Vriendinne

So spoed die jaar by ons verby, en kan ek nie glo ons is al in die helfte van die jaar nie.

Ek rig graag hierdie skrywe aan julle om julle aandag te vestig op 'n paar punte en julle bewus te maak van 'n nuwe vorm, wat julle artikels moet vergesel vir beoordeling in 2027.

*Daar is 'n paar punte waarop ek julle aandag wil vestig.

*Amigurumi moet van 'n etiket en stukkie garing/wol voorsien word met elke inskrywing, tot op SA vlak. Heg dit vas aan die artikel.

*Fotografie moet bestaan uit 3 foto's uit verskillende rigtings/hoeke van dit wat jy wil afneem. Jou eerste keuse foto word groot gedruk en gemonteer. Ander 2 is saam uitgedruk met rekenaar en agter op montering saam met jou naam en kamera inligting.

*Aangeheg is dan ook 'n **nuwe vorm** wat julle asb volledig moet invul en seker maak alle handtekeninge is daarop teenwoordig. Hierdie gaan samewerking vra van julle takke se voorsitters, uitvoerende bestuur en veral die beoordelaars sameroepsters.

Die vorm **MOET asb** elke artikel wat na SA in 2027 kom, vergesel. Die vorm moet volledig voltooi wees.

Dit word juis nou saam met die riglyne uitgestuur sodat alle betrokkenes ingelig is, en die vorm oral beskikbaar is.

Ek kan nie genoeg klem lê op die feit dat die vorm voltooi moet wees en elke artikel moet vergesel nie. Indien daar geen vorm is nie, sal daar ook geen beoordeling kan wees nie. Asseblief dames, moenie dat julle die oorsaak is van lede se harde werk waarna nie gekyk gaan word nie.

*Kaartjie word aan artikels geheg met 'n hekeldraad **sonder** 'n koperspeldjie. Maak seker elke artikel het sy kaartjie stewig aan. Dit kan deur 'n gaatjie, lussie of enige plek gewerk word. Ons kan nie kaartjies aanheg en seker maak elkeen is waar dit hoort nie. Artikels wat vanaf tak of streeks vlak netjies en korrek aangebied word, wys die deelnemer se trots in haar werk. Julle moet haar trots ook verder dra, omdat sy haar provinsie verteenwoordig.

Baie dankie dat ek kan staat maak op elke organisasie om hulle deel volledig te doen. Sien met groot afwagting uit na 2027 se artikels.

Vriendelike VLU groete.

Alti J v Vuuren
SAVLU BEOORDELAARSAMEROEPSTER



VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE



SAVLU 2027

MASJIENWERK

Stik-en-sny metode. (*Stitch and slash*)

- ❖ Voorkoms: 50%
- ❖ Werksgehalte: 50%

Vereistes

- ❖ Enige voltooide artikel in die Stik-en-Sny metode.
- ❖ Artikel word in geheel beoordeel en moet aan die vereistes van masjienwerk konstruksies voldoen.
- ❖ Die Stik-en-Sny metode moet oorheers op die artikel, ongeag die tipe artikel, hetsy 'n kledingstuk, plekmatjie of handsak.

Wenke

- ❖ Maak gebruik van duursame tekstielstof vir die agtergrond en onderste laag van die Stik-en-Sny.
- ❖ Plaas twee of meer lae tekstielstof oor mekaar en stik met kleiner steeklengte in patroon lyne aanmekaar vas.
- ❖ Knip deur boonste lae, om verskillende effekte en kleure te verkry.
- ❖ Maak gebruik van 'n skerp skêr en waak daarteen om die onderste laag raak te sny.
- ❖ Voltooi die artikel met die regte konstruksie metodes.
- ❖ Tooisels is toelaatbaar, maar mag nie oorheers nie.
- ❖ Die artikel moet die lid se eie werk wees.
- ❖ Die artikel mag nie ouer as twee jaar wees nie.

Aanbieding

- ❖ Bied aan in deursigtige plastieksak as volg gemerk: MASJIENWERK , jou naam, tak, area en provinsie.
- ❖ Heg kaartjie aan die artikel met hekelgaring.
- ❖ Geen hakspelde asseblief.

VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE



SAVLU 2027

BORDUURWERK

Getelde draadborduurwerk

- ❖ Voorkoms: 60%
- ❖ Werksgehalte: 40%

Vereistes

- ❖ Artikel mag nie ouer as twee jaar wees nie, en moet geparafeer en gedateer wees.
- ❖ Enige voltooide artikel, geborduur met twee of meer soorte getelde draadborduurwerk.
- ❖ Die soorte moet duidelik identifiseerbaar wees.
- ❖ Borduursoorte hoef nie in dieselfde hoeveelhede op die artikel gewerk te word nie.
- ❖ Muurprente kan gemonteer word (bedek die montering met kleef plastiek) maar geen rame of glas is toelaatbaar nie.
- ❖ Vermy groot lomp artikels.
- ❖ Onvoltooide artikels sal gediskwalifiseer word.

Wenke

- ❖ Enige soort getelde draad borduursoorte en samestelling daarvan kan gewerk word.
- ❖ Elke soort borduurwerk moet gewerk word volgens die betrokke soort se vereistes.
- ❖ Gebruik 'n raam om 'n egalige spanning te verkry.
- ❖ 'n Duursame ewedraad linne of katoenstof is geskik vir hierdie borduurwerk soorte.
- ❖ Ewedraad beteken dieselfde hoeveelheid drade per vk. cm (cm²).
- ❖ Aida en Hardanger borduurstof word nie aanbeveel.
- ❖ Die keuse van borduurgaring sal bepaal word deur die borduursoort wat gewerk gaan word.

Aanbieding

- ❖ In 'n deursigtige plastieksak en as volg gemerk: BORDUURWERK, jou naam, tak, area en provinsie.
- ❖ Heg kaartjie aan werk met hekelgaring.
- ❖ Geen hakspelde asb.



VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE



SAVLU 2027

BREIWERK

Kreatiewe gilet

- ❖ Voorkoms: 50%
- ❖ Werksgehalte: 50%

Vereistes

- ❖ 'n Heuplengte, moullose kreatiewe gilet.
- ❖ Kreatief beteken hier om 'n gilet skeppend te brei wat nuut en innoverend is.
- ❖ Artikel mag nie ouer as twee jaar wees nie.
- ❖ Enige garingdikte vesels, patroonsteke en kombinasies van patroonsteke asook verskillende kleurvariasies kan gebruik word.

Wenke

- ❖ Daar kan splete in die synate wees- indien die gilet se voor- en agterpante slegs op die skouers heg, is een of ander geskikte vasmaker langs die sye nodig.
- ❖ 'n Gilet word altyd oor 'n ander kledingstuk gedra daarom moet die halslyn nie te hoog wees nie. Maak gebruik van enige geskikte vorm halslyn.
- ❖ Waak teen te veel verskillende effekte wat 'n te deurmekaar indruk kan skep.
- ❖ Spanning gaan belangrik wees aangesien daar met verskillende diktes garing, vesels en patroonsteke gebrei gaan word.
- ❖ Beplan en toets eers elke tipe sorgvuldig sodat die artikel 'n netjiese spanning sal behou.
- ❖ Tooisels en borduurwerk is binne perke toelaatbaar en mag nie die breiwerk oorheers nie.
- ❖ Kreatief sluit in onder andere – strepe, crazy patchwork, kolle ensovoorts.

Aanbieding

- ❖ In 'n deursigtige plastieksak en as volg gemerk: BREIWERK, jou naam, tak, area en provinsie.
- ❖ Heg kaartjie aan die artikel met 'n hekeldraad.
- ❖ Geen hakspelde asb.

VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE



SAVLU 2027

HEKELWERK

Amigurumi speelding

- ❖ Voorkoms: 50%
- ❖ Werksgehalte: 50%

Vereistes

- ❖ Die artikel mag nie ouer as twee jaar wees nie.
- ❖ Heg wol/gare se etiket en monster daarvan aan die artikel vas.
- ❖ Enige driedimensionele, gehekelde speelding wat verbeelding aangryp en goeie karakter eienskappe het.
- ❖ Groote van diertjie of figuur, maksimum 40cm en minimum 20cm.
- ❖ Die geskiktheid van tooisels en mate waarin hulle karakter aan die speelding verleen, moet netjies en duursaam wees.

Wenke

- ❖ Dit mag klere hê wat kan aan en uittrek.
- ❖ Hierdie speelding word grotendeels in die rondte gehekel, wat die amigurumi tegniek uitbeeld, en dan opgestop en gevorm.
- ❖ Kies vrolike, helder kleure hekelgaring wat aantreklik is, maar die algemene voorkoms moet die bepaalde speelding suggereer.
- ❖ Gelaatstrekke met glasoë / hand geborduurde oë, harde snorbaarde, donsige sterte ens. kan gebruik word, maar moet stewig geheg wees.
- ❖ Om goeie fatsoen en stewigheid te verseker: Kies 'n geskikte hekelpen, volgens draadkeuse, vir 'n stewige spanning.
- ❖ Hekelgaring: 4 draad katoen en/of akriel kombinasie van 60%-40% is baie effektief. (Te dik garing veroorsaak dat fatsoen maklik verloor en besonderhede verlore gaan).
- ❖ Donsige- en veergaring mag gebruik word.
- ❖ Stopsel moet lig van gewig en wasbaar wees. Speelding moet styf dog egalig gestop wees en die stopsel mag nie uitsteek nie.

Afwerking:

- ❖ Geen diknate, losdrade of lusse nie.

Aanbieding:

- ❖ In 'n deursigtige plastieksak gemerk: HEKELWERK, jou naam, tak, area en provinsie.
- ❖ Heg wol/gare etiket en monster van wol/gare wat gebruik is aan artikel vas.
- ❖ Heg die kaartjie aan speelding met hekelgaring.
- ❖ Geen hakspelde asb.



VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE

SAVLU 2027

BORDUURMASJENWERK



Skinkbordlappie

- ❖ Voorkoms: 50%
- ❖ Werksgehalte: 50%

Vereistes

- ❖ Maak en borduur 'n skinkbordlap met die borduurmasjien. Dit mag nie ouer as twee jaar wees nie.
- ❖ Skinkbordlap kan beskik oor enige vorm met die minimum grootte van 600cm².
- ❖ Die verhouding van 2:3 (2 tot 3) word vir 'n ovaal- en reghoekige vorm aanbeveel.
- ❖ Die gebruik van 'n naaldwerkmasjien, vir die insit van die soom of 'n kantafwerking, is toelaatbaar maar mag nie die artikel oorheers nie.
- ❖ Gebruik jou borduurmasjien optimaal.

Wenke

- ❖ Die ontwerp moet pas by die vorm van die artikel en moet nie 'n bepaalde bo of onderkant hê nie.
- ❖ Klein fyner ontwerpe wat nie te bonkig is nie, word aanbeveel. Vermyn ontwerpe met verhewe gedeeltes.
- ❖ Neem kunsbeginsels in ag by die samestelling van ontwerp.
- ❖ Die korrekte spanning en keuse van steke by die borduurwerk is baie belangrik.
- ❖ Gebruik die randafwerking as 'n raam vir die plasing van ontwerpe.
- ❖ Gebruik 'n tekstielstof met 'n stewige ewedraad weef.
- ❖ Let op na die draadrigting met die uitmeet en knip van skinkbordlap.
- ❖ Die gebruik van 'n stabiliseringstof moet netjies en korrek gebruik en verwyder word.
- ❖ Die keuse van stabiliseringstof moet pas by die keuse van tekstielstof.
- ❖ Enige geskikte gare wat die gekose ontwerp of ontwerpe tot hul reg sal laat kom, kan gebruik word.
- ❖ Op die spoelletjie kan dieselfde kleur gare gebruik word of selfs spoelletjie gare "bobbin thread" wat dunner is en goeie resultate saam met masjien borduurgare gee.
- ❖ Plaas die artikel met die regterkant na onder op 'n sagte oppervlak en pars versigtig aan die verkeerde kant.
- ❖ Die gebruik van stysel vir 'n goeie eindresultaat is toelaatbaar.

Aanbieding

- ❖ Trek 'n stewige basis oor met lap en ryg 2/3 van artikel daarop vas.
- ❖ Verpak in 'n deursigtige plastieksak, en as volg gemerk: BORDUURMASJENWERK, jou naam, tak, area en provinsie.
- ❖ Heg kaartjie aan artikel met hekelgaring.
- ❖ Geen hakspelde asb.

VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE



SAVLU 2027

HANDVLYT

Aktiwiteitsboekie vir 'n kleuter (+/- 3-5 jaar)

- ❖ **Voorkoms:** 60%
- ❖ **Werksgehalte:** 40%

Die doel van 'n aktiwiteitsboekie is om 'n liefde vir storie interpretasie en herkenning van letters, syfers, kleur, vorm, ens te ontwikkel deur pret aktiwiteite.

Vereistes

- ❖ Die artikel mag nie ouer as twee jaar wees nie.
- ❖ Grootte: Ongeveer 250 x 250mm maar nie kleiner as A5 (148mm x 210mm) nie.
- ❖ Materiaal vir blaai: Duursaam, stewig en wasbaar. Moet maklik kan blaai.
- ❖ Draad of ander skerp voorwerpe is nie toelaatbaar nie
- ❖ Moet beskik oor interaktiewe dele/elemente.
- ❖ NB! Minstens 5 bladsye, die versierde voorblad ingesluit.

Wenke

- ❖ Omboorsel kan gebruik word om blaai te verstewig.
- ❖ Los elemente (blomme, blare, vrugte, ens.) mag dubbel gemaak word vir makliker hantering.
- ❖ Los elemente mag met die hand of masjien omgewerk word om duursaamheid te verhoog.
- ❖ Materiaal vir los elemente: Vilt word gewoonlik gebruik maar is nie voorskriftelik nie.
- ❖ Pasop vir gomdrade en merke waar dit gebruik word.
- ❖ Hou dit eenvoudig – nie te besig nie.
- ❖ Gebruik liefs groot knope en werk stewig vas vir veiligheid.
- ❖ Gebruik knope, drukknoppe, ritssluiters, Velcro, gespes, skoenveter en/of enige ander vasmaakmiddel.
- ❖ Hou kunsbeginsels in gedagte wanneer u beplan.

Aanbieding

- ❖ In 'n deursigtige plastieksak en as volg gemerk: HANDVLYT, jou naam, tak, area en provinsie.
- ❖ Heg die kaartjie aan die boekie met 'n hekelgaring.
- ❖ Geen hakspelde asb.



VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE



SAVLU 2027

FOTOGRAFIE

“Noir” Fotografie

Film/ Foto Noir beskryf ‘n genre of styl van fotografie wat uit die 1940’s en 1950’s dateer. Dit is afkomstig van noir films uit hierdie era wat meestal misterieus was. Film Noir word gekarakteriseer deur die gebruik van vorms/figure, skaduwees en lig.

Vereistes:

- ❖ A5-grootte (Grootte: 6” x 8” (152x203 mm)) is naby genoeg aan A5.
- ❖ Neem foto vanuit drie verskillende rigtings/hoeke. Daar moet drie foto's wees (eerste keuse gemonteer en ander twee agterop montering).
- ❖ Swart en Wit
- ❖ Montering: A4. Gebruik harde, stewige monteerbord. (Nie gewone 160g gekleurde karton nie)

Wenke:

- ❖ Fokuspunt is belangrik maar in Noir fotografie is die duidelik herkenbare onderwerp nie noodwendig in fokus nie.
- ❖ Duidelik herkenbare onderwerp moet verkieslik uitstaan van die agtergrond.
- ❖ Die foto uit die ver verlede moet ‘n storie vertel wat spanning en misterie wek. Let op na die oordra van emosie en atmosfeer.
- ❖ Beligting: Hierdie effek word verkry deur met lig en tekstuur te speel. Vir effektiewe beligting kan gebruik gemaak word van ‘n enkel, losstaande, kleinerige ligbron, wat goed geplaas is.
- ❖ Die gevoel van ‘n ou foto vol misterie word vasgevang met diep skadu’s, wat op onderwerp vorm, as gevolg van die posisie van die onderwerp wat soekend is na lig.

Aanbieding:

- ❖ Meld handelsnaam van kamera, lens en ligbron agter op die montering.
- ❖ Bied aan in ‘n plastiek koevert wat as volg gemerk is: FOTOGRAFIE, naam, tak, area en provinsie.
- ❖ Heg ook kaartjie aan agterkant van montering met ‘n hekeldraad wat lank genoeg is.

VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE

SAVLU 2027

SKILDERKUNS



Landskap in akrielverf.

- ❖ Voorkoms: 60%
- ❖ Werksgehalte: 40%

Vereistes

- ❖ Gebruik gespanne doek op raam (canvas) of harde skilderdoek.
- ❖ Grootte A3 - montering ingesluit, indien nodig.
- ❖ Geen glas of raam nie.
- ❖ Slegs kwastegniek is toelaatbaar.
- ❖ Gebruik goeie kwaliteit akrielverf.
- ❖ Artikel mag nie ouer as twee jaar wees nie, en moet geparafeer en gedateer wees.
- ❖ Maak gebruik van eie oorspronklike ontwerp/toneel.

Wenke

- ❖ Kies 'n eenvoudige toneel eerder as een met te veel detail.
- ❖ Wees versigtig vir sonsondergange, waar byna net silhoeëtte te sien is.
- ❖ Geboue en figure in jou toneel is aanvaarbaar, solank dit nie die hoofonderwerp word of die toneel oorheers nie.
- ❖ Berei jou doek goed voor met 'n Laag Gesso sodat die verf beter vasklou.
- ❖ Enige van die klassieke ronde, plat of Filbert kwaste kan gebruik word.
- ❖ 'n Vernis of seëlaar kan op die voltooide werk aangebring word.
- ❖ Maak gebruik van 'n goeie en duursame akrielverf. Kyk na die permanensie of kleurvastheid wat aangedui word op die verfhouer.
- ❖ Deur in lae te skilder, word goeie perspektief (diepte) verkry. Verf altyd van donker na lig.
- ❖ Akrielverf word gou droog. 'n Kunsvertrager (blender / retarder) kan gebruik word om die aksie te vertraag.
- ❖ Neem in ag dat akrielverf verdonker wanneer dit droog is.
- ❖ Kyk na die kunsbeginsels en hou komposisie ingedagte.
- ❖ Goeie beplanning is dus nodig.

Aanbieding

- ❖ Verpak in 'n borrel plastieksak vir beskerming.
- ❖ Moenie kleeflint gebruik om die sak toe te hou nie.
- ❖ Merk dit as volg: SKILDERKUNS, jou naam, tak, area en provinsie.
- ❖ Heg kaartjie aan agterkant van werk met 'n lang genoeg hekelgaring en kleeflint.

VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE



SAVLU 2027

SKRYFKUNS

Onderwerp: Storie vir 'n kleuter.

Vereistes

- ❖ Storie vir 'n kleuter van 3 – 5 jaar.
- ❖ Aantal woorde: 450-500
- ❖ Dui die woordtelling aan die einde van die storie aan.
- ❖ Font: Gebruik Calibri 12 in 1,5 spasiëring op A4 grootte papier of karton.
- ❖ Skryfstuk mag nie ouer as twee jaar wees nie, eie werk en ook nie gepubliseer wees nie

Riglyne:

- ❖ 'n Storie vir voorskoolse kinders is gevra.
- ❖ Skep karakters wat geloofwaardig voorkom. Hulle moet dus sterk- en swakpunte, asook drome hê, en die wilsrag om probleme te oorkom en drome te verwesenlik.
- ❖ Die struktuur is eenvoudig met kort maar kragtige sinne.
- ❖ 'n Begin, middel en einde is belangrik. Die storie moet dus van die begin af boeiend wees, die kind neem op 'n opwindende reis en 'n gelukkige einde hê.
- ❖ Kies 'n eenvoudige, prettige onderwerp waarmee die kind sal vereenselwig.
- ❖ Die inhoud moet geloofwaardig wees, m.a.w. skets die wêreld vanuit 'n kleuter se perspektief.
- ❖ Die tema is u eie keuse.

Wenke:

- ❖ Hou die belangstellings en ontwikkelingsvlak van dié ouderdomsgroep in gedagte.
- ❖ Hanteer fantasie versigtig. Meeste kinders in hierdie ouderdomsgroep kan nog nie onderskei tussen fantasie en werklikheid nie.
- ❖ Superhelde is nie geskik vir hierdie ouderdom nie. Hulle sin vir gevaar is nie genoegsaam ontwikkel om besluite te neem vir hul eie en ander se veiligheid nie.
- ❖ Herhaal frases, rymwoorde of klanke vir pret en ter wille van taalontwikkeling.
- ❖ Stories oor kinders van hul eie ouderdom is altyd 'n treffer, veral in die geval waar die kleuter met dieselfde probleem worstel as die karakter (vrees, ang, 'n gebrek, ens).
- ❖ Maak gebruik van direkte rede om die storie meer interessant en geloofwaardig te maak.
- ❖ Moet nie die humor vergeet nie.

VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE



Belangrike punte by beoordeling

Taalgebruik en tegniese aspekte:

- Woordorde
- Sinskonstruksie
- Leestekens
- Tyd
- Beskrywende woorde

Inhoud en kreatiwiteit:

- Omgewing ('setting')
- Beeldspraak en klanknabootsing
- Verhaalelement, (konflik, aksie, toon)
- Dialoog
- Verrassingselement
- Karakterontwikkeling
- Impak van die slot

Aanbieding:

- ❖ Plak 'n koevertjie agterop die skryfstuk met SKRYFKUNS, u naam, tak, area en provinsie.
- ❖ Plaas die skryfstuk in 'n liaseersakkie.
- ❖ Heg die SAVLU beoordelaars kaartjie aan die skryfstuk met lang genoeg hekeldraad.



*VLU Noord president besoek Metal Art se kantoor eienaar André Hermann.
Vanaf 1997 word VLU se metaalvoorraad aangekoop by Metal Art. Tans is Metal Art
se kantore/fabriek 15km buite Bronkhorstspuit.*



VLU NOORD KOMPETISIERIGLYNE

Sourdough broodjie

Sourdough brood het 'n aantal unieke eienskappe wat dit onderskei van 'n gewone gisbrood.

- Die belangrikste is – daar word van geen kommersiële bakkersgis gebruik gemaak nie. Jy begin jou sourdough broodjie met 'n natuurlike plantjie of “starter” van slegs meel en water.
- 'n Suurdeegplantjie is eintlik 'n kombinasie van verskillende gisse en bakterie wat saam 'n mikrobiom vorm.
- Hierdie mikroörganisme fermenteer die deeg stadig, wat 'n unieke geur en tekstuur ontwikkel.
- Die lang fermentasieproses breek gluten gedeeltelik af, wat dit makliker maak om te verteer.

Voorkoms:

- Mooi reëlmatige fatsoen en middelmatige grootte.
- Broodjie moet 500gr weeg.
- Oefen dus met 'n paar broodjie groottes tot jy die regte grootte broodjie het.
- Deur 'n snit duskant die middellyn in jou broodjie te maak, vorm die bekende “oortjie” - die hard gebakte stukkies kors wat oplig.
- Hierdie snit help dat die brood in 'n beheersde vorm en patroon rys.
- Die broodjie sal ook mooi vertoon met 'n paar kreatiewe snitte aan weerskante van die middellyn.
- Vorm die broodjie in 'n netjiese geronde tot ovaal vorm.
- Die kleur is 'n mooi goue bruin.
- Geen panmerke of meel aan die onderkant van die broodjie nie.

Tekstuur:

- 'n Roomkleur krummel wat lugtig en effens taai is.
- Kors is wat die Engelse noem “ crusty crust”.
- Netjiese verspreiding van klein en medium grootte rysgate.
- Geen digtheid aan die onderkant .
- Geen wilde groot oop tonnels.

Smaak:

- Dit word gekenmerk aan die unieke effens suur smaak wat afkomstig is van die melk- en asynsure wat tydens fermentasie(gistingsproses) gevorm word.

Aanbieding:

- Netjies verpak in 'n dig geseëldde ziplock sakkie.
- Indien jy verkies, kan 'n netjies oorgertrekte karton onder die broodjie ingesit word.

Geniet die knie, lig en vou, vorm, en die genot om jou eindproduk te sien.

Jy kan ook jou starter 'n naam gee: Harry, Saartjie want jy moet hom of haar elke dag voer.

AANDSTER

Ons skop April maand af met 'n nuwe, jong en entosiasiese jong dame wie se ma, Me Nanette Botha al jare lank 'n lid is van Aandstertak. Dit is altyd heerlik om jong dames te sien groei saam die ou gare wat ons kan leer van die Vroue Landbou Unie.

Op 25 Junie 2025, 'n vreeslik koue wintersaand hou Aandstertak hul maandvergadering by Honeyball in Mokopane. Me Marelize van Bushbaby Flowers, kom geniet die koue aand saam ons en vertel ons meer van tuinmaak, hoe om blomme te plant (boer), en hoe ons blomme meer moet waardeur.

Ons harte loop oor van dankbaarheid hierdie jaar, almal is volspoed aan die werk van artikels.



VLU Noord hou 'n beoordeling inligtingsdag in Pietersburg 18 Junie 2025. Mev. Retha Prinsloo, VLU Noord beoordelaarsameroepster, bemoedig die dames om weer aan kompetisies deel te neem, nie net vir VLU nie maar vir hulself.



Nuwe VLU Noord uitvoerende bestuur is almal teenwoordig by die VLU Noord inligtingsdag. LnR voor: Retha Prinsloo {VLU Noord Beoordelaar Sameroepster}, Retha Oosthuizen {Soetdoringstreek voorsitter}, Santie van Eyssen {Koraalstreek voorsitter}, Hanell Theron {VLU Noord Skakelbeampte}, Riana Oosthuizen {Bosveldstreek voorsitter}. LnR agter: Leanda le Cornu {VLU Noord President} en Naomi Phillipson {VLU Noord Sekretaresse en Tesourier}

MABALINGWE



Mabalingwe VLU-Tak

VLU Mabalingwe bars uit sy nate met n groeikoers van dames wat aansluit.

Na die konferensie-aanbieding is ons tak heelwat rustiger.

Tekstuurskilderywerk word mooi verduidelik deur Latitia Hurn en sy bied ook in Junie maand 'n slypskool aan.

In Mei maand bied Kitty Bodenstein n klas aan oor die maak van Kerse. Elke vrou maak 'n lekkerruikers en sitronellakers – spesiaal om muskiete weg te hou. Die dames leer regtig hoe kerse tuis gemaak kan word.




Junie maandvergadering word kruissteek gedemonstreer. Almal was gretig om spesifiek te leer hoe om kruissteek die regte manier te doen. Saam kuier ons ook om die borduurmasjien om te sien hoe word dit ingespan om n ritsluitersakkie te maak.

Augustus is Vrouemaand. Oral in ons omgewing word die vrouens getrakteer en bederf. Ons tak doen self n paar tafels by Maroela Oasis. Daar was regtig uitgehang en die dames beeld n vrouefiguur uit in die Bybel. Vertel meer van hulle en ons besef die vrouens het eintlik TOE al n groot deel in die mensdom gespeel.

Septembermaand word maak van Truffels gedemonstreer.

Mabalingwe tak is ook 6 jaar oud hierdie jaar. Maak n draai op – Thepestmanagement.com en lees meer oor hoe hierdie plante help om muskiete weg te hou. "Lemon Balm, Lavender, Pennyroyal, Feverfew, Cironella, Lantana en Peppermint.



NABOOMSPRUIT

September maand is leukemie bewusmakingsmaand.

Wat is leukemie?

Dit is n tipe kanker wat bloed en beenmurg affekteer en witbloedselle laat vermeerder

Leukemie kan akuut of kronies wees.

Akute leukemie se progressie is vinnig en benodig vinnige behandeling, terwyl kroniese leukemie se progressie stadiger is.

Simptome waarvoor uitgekyk kan word is:

Gewigsverlies
Nagsweet
Onverklaarbare kneusing/ blou kolle/ vel uitslag
Moegheid
Kroniese infeksies
Koors en hoofpyne
Pyn oor lewer, milt en abdomen, selfs bene en gewrigte
Moeilike asemhaling



Behandeling:

Soos deur geneesheer bepaal word.

Stamsel oorplanting waar die ou beenmurgselle deur nuwe gesonde beenmurg stamselle vervang word.



VLU Noord het nou 'n amptelike stoor in Nylstroom. Indien enige tak belangstel om hul argief veilig te stoor, kontak jou streekvoorsitter vir meer inligting.



NYLSTROOM

Sout en Lig

Soms dink ek dat die meerderheid van ons so van dag tot dag leef en besig is met 'n magdom aktiwiteite, dat ons nie vir 'n oomblik stilstaan en onself die vraag afvra of ons werklik 'n verskil maak nie. Ek voel 'n mens maak 'n verskil as jy waarde in iemand se lewe toevoeg – nie materiële waarde nie – maar waarde wat vir hul 'n beter lewenskwaliteit gee. As iemand ervaar dat sy lewenskwaliteit verbeter het, sal hy/sy weer op sy beurt 'n verskil aan ander se lewens wil maak! Ek dink ons almal het 'n verantwoordelikheid om die persone wat ons pad kruis, se lewens positief te beïnvloed.

Ons tak streef daarna om sout en lig vir ander te wees. Hoekom dan sout en lig? Nie net is sout 'n belangrike item wat gereeld in die Bybel genoem word nie, dit gee ook smaak... Ons tak wil die smaak in ander se lewens terugsit, die sout in hul medikasie wees wat genees, die knippie sout wat “geluk” bring en deur ons Christenskap daaglik uit te leef die verskil te wees wat die sout in kinders se voedsel terugsit om die vreugde van die lewe te geniet.

Saam met sout wil ons die lig vir ander te wees. Lig wat hoop bring, lig wat die pad aanwys en lig wat help sodat jy nie in die donker af dwaal nie.

Deur genade is ons tak geseën om suksesvolle vergaderings met uiters bekwame sprekers die afgelope maande te kon aanbied wat lede baie leersaam en insiggewend gevind het. Ons spog met ons tak se eie Konfytkoninging – Ina Lessing, wat uitstekend presteer het by die Lanzerac Agri-Expo se preserveerkampioenskappe. Van die 25 produkte wat ingeskryf is het 18 daarvan 1ste, 2de of 3de plekke behaal. 8 produkte het 'n SA Champion Award ontvang! Ons tak het ook 'n baie inspirerende en gesellig oggend aangebied waar Sonja Heroldt die gaskunstenaar was. Lede het hul harte en beursies oopgemaak met “borg 'n senior” sodat hul ook die geleentheid kon bywoon. VLU-Nylstroom was beslis die afgelope maande die sout en lig in baie van ons gemeenskap se lewens.



Magda Pretorius, Rita Ras, Annalie van Heerden en Wilna vd Heerver saam met Sonja Heroldt(middel).



Ina Lessing



Batik-werkswinkel

OLIEN-AANDTAK

Batik werkswinkel 19 Julie 2025

Dit is 'n koel Saterdagoggend toe ons die elemente trotseer het. Die ry karre voor die toe plaashek praat met jou. Daar is 'n opgewondenheid in die lug. Retha Prinsloo verwelkom ons en ook ander gaste van Naboomspruittak en Finesse aandtak, hartelik op die plaas.

Rame word uitgehaal. Was en kwasse word verdeel. Elkeen kan hulle prentjie kies. Retha Prinsloo begin vir ons stap vir stap verduidelik. Voor ons oë verander die kleure op ons lap. Die wind het nie so goed saam gespeel nie dit het gesorg dat ons nat lappies teen mekaar gewaai het en so het ons lappies nog kleure bygekry wat ons nie beplan het nie.

Ons het so baie geleer en heerlik gesmul aan ons gasvrouens se eetgoed.

Dit bring ons eintlik by die les van Vrouwees.

Jou kleur kom wel na vore. Die elemente van die lewe kan ons maar probeer van Koers af kry maar ons blom net helderder en meer ten volle.

Solank ons net altyd Vashou aan Sy Hand en Sy Beloftes.



Batiklappies in die wind



Retha Prinsloo begin met die Batik werkswinkel



Links:

Ons tweede oudste lid het op 4 Julie 80 jaar oud geword en ons kon dit nie met haar deel nie want sy was siek.

Twee van ons lede en dames wat vroeër saam haar gewerk het, het haar verras met 'n vinnige kuier. Toe kom hulle voor dooie mans deur en wag 'n uur vir haar.

Sy het haar bril gaan haal – “om beter te kan sien my kind!”

POTGIETERSRUS

“As jy ’n man opvoed, leer jy ’n individu; as jy ’n vrou opvoed, leer jy ’n nasie.” – Dr. James Emman Kwegyir Aggrey

Vroue is die hartklop van elke gemeenskap. Ons is die draers van hoop, die bouers van huise, die koesteraars van families, en die vriende wat mekaar se laste lig. Vroue is soveel meer as net name op papier – ons is die lewende getuie van veerkragtigheid, liefde en die vermoë om te verander wat ons aanraak.

Om ’n vrou, eggenote, ma, suster en vriendin te wees, vra moed. Dit vra dat jy jouself dikwels laaste plaas, terwyl jy seker maak dat ander veilig, versorg en geliefd is. Dit vra dat jy in jou huis nie net kos voorsien nie, maar ook vrede. Dat jy in jou huwelik nie net teenwoordig is nie, maar ook ondersteunend en verrykend. Dat jy vir jou kinders nie net ’n versorger is nie, maar ook ’n rolmodel – ’n lewende voorbeeld van geloof, hardwerkendheid en onvoorwaardelike liefde.

Maar in dieselfde asem, is dit belangrik om te onthou dat ons waarde nie net lê in wat ons vir ander doen nie, maar ook in wie ons is. ’n Vrou wat haar eie stem vind, wat haar eie talente uitleef, en wat haar eie drome koester, is nie selfsugtig nie – sy is kragtig. Sy inspireer deur haar voorbeeld, en sy maak die pad oop vir die generasies wat ná haar kom.

Vrouemaand herinner ons daaraan dat ons nie alleen loop nie. Elke vrou het ’n suster, vriendin of mentor wat haar dra. Ons leer mekaar om sag te wees, maar tog sterk; om te vergewe, maar ook ons waardigheid te beskerm; om in stilte te dien, maar ook luidkeels te vier.

Laat hierdie Vrouemaand vir ons almal ’n herinnering wees: Ons is die stille krag wat gesinne bymekaar hou, die sagte hand wat wonde genees, en die vlam wat ander se paaie verlig. Ons is nie net vroue nie – ons is die fondament waarop gemeenskappe bou, en die lied wat deur geslagte heen weerklink.

Vrou, jy is genoeg. Jy is kosbaar. Jy is kragtig. En jy is onvervangbaar.

JC Creations

**Decorators, Function Coordinators, Suppliers of Upholstery,
Furniture, Home Decor, Curtains & Linen**

CHRIS DYZEL

☎ 079 891 4309

✉ chris.dyzel70@gmail.com

JOHAN ESTERHUIZEN

☎ 081 554 6540

✉ johane1979@gmail.com

SETTLERS

SETTLERS V.L.U VERGADERING 2 SEPTEMBER 2015 – ABRAHAM KRIEL KINDERHUIS.

Settlers V.L.U. was bevoorreg om ons vergadering by “WOW restaurant”, Abraham Kriel Kinderhuis te hou. Lede het ruim bygedra ten bate van die kos- en klerekaste van die tehuis.

Na afloop van die vergadering het Me Marlene de Villiers, as gasspreker van die oggend, ons meer vertel van die Kinderhuis. Interessante feite rakende die wil en wee van die Kinderhuis is met ons gedeel.

‘n Mens het weer bewus geword van soveel voorregte wat ons kinders het en hoe bevoorreg ons almal behoort te wees.

‘n Heerlike ete is aan ons voorgesit waarna van die lede huis Maroela besoek het. “Tannie Patsy” huismoeder van Maroela het die dames deur die huis geneem en die opset van die huise aan lede uitgewys. ‘n Atmosfeer van liefde, hartlikheid en geborgenheid is aanvoelbaar in die huis. Die liefde en warmte wat sy uitstaal, is opmerklik.



Van Links Annalie Dykema, Idalette Rieker, Marlene de Villiers, Jeanne Bekker en Sonja Van Walt

Ons dames het ‘n tafel, wat deur die leerders gebruik word, mooi geverf, wat ook as ‘n speeltafel gebruik kan word.

Dankie vir die verskil wat ons dames vandag kon maak – wat ‘n voorreg.

Lede saam met gasspreker, Marlene de Villiers



Vergadering by WOW restaurant



Lede verf huis Maroela se tafel

WARMBAD

VLU WARMBADTAK SE STIGTING 4 April 1955

4 April 1955 was 'n besonderse dag....

Iets was anders. Sy het na buite gekyk deur die vaal kombuisgordyntjies en gesien hoe die blare bruin en verdor grondwaarts begin val. Hmm... herfs kom nou sommer vining aan, het sy gemymer en haar dun truitjie stywer oor haar arms getrek.

Haar man het vlugtig 'n piksoentjie oor haar wang gegee en haastig na buite geskarrel waar die 1947 Buick reeds gestaan en luiet het.

Sy het weer na die vaal kombuisgordyntjies gekyk en gesug. Iets moet sy doen om kleur aan haar saai bestaan te verleen.

Iets. Maar wat...?

Dit is hoe ek my verbeeld Warmbad VLU 69 jaar gelede heel moontlik aan sy bestaan gekom het – en vandag steeds blom waar sy geplant is.

'n Formidabele tak het sy ontstaan gehad en het vandaar die vaandel hoog laat wapper! Saam beweeg ons van krag tot krag, dra ons mekaar wanneer een se voet begin sleep en iemand nodig het om haar te dra....

Ons mag nooit vergeet dat ons almal steeds bymekaar leer nie!

Mag ons ook nooit vergeet van ons Groot Leermeester wat ons kunstig en kundig aanmekaar geweef het nie. Mag ons altyd vreugde in mekaar ervaar en mekaar se vaardighede hoër laat seëvier!

Mag ons ook nooit vergeet! “ONS MOET DIE VERSKIL WEES!”



Warmbad Takfoto

**Vlnr: Mevv. E. Els, M van Biljon, M Furter, E. Smit,
L Weber, S van Dyk**

**Alnr: Mevv M Lewis (Gas), R Werner, E Bester,
J de Beer, M Oosthuizen.**

***Baie geluk aan die volgende lede
met hul lidmaatskap toekennings
in 2025.***

Lede wat 30 jaar lid is:

Me Leanda le Cornu – Koraalstreek

Me Corrie Kruger – Bosveldstreek

Lede wat 40 jaar lid is:

Me Bets van Graan – Bosveldstreek

Me Anneline Geldenhuys – Koraalstreek

Me Cathy Muller – Soetdoringstreek

Me Helene Snyders – Soetdoringstreek



KORAALSTREEK

Santie van Eyssen

Sel nr: 071 872 4143 e-pos: koraalstreek@vlunoord.co.za



Liewe VLU-lede

Wees die verskil - Vir jouself en mede- lede!!

Die Kersseisoen bring 'n besondere geleenheid om stil te staan by dit wat werklik saak maak! Ons word voortdurend herinner om die verskil te wees – deur ons woorde, ons daade en deur die wyse waarop ons ons medemens in ag neem. Maar leef ons dit regtig uit?

Die vraag oor integriteit is belangrik, staan ons by ons woord? Besef ons watter voorbeeld ons vir mekaar en vir ons kinders stel? Wanneer afsprake nie nagekom word nie, word die samewerking en groei van ons takke bemoeilik, kan ons nie voluit voortgaan met die geleenthede wat ons vir ons lede wil skep nie.

Daarom is dit ons wens dat elke lid sal onthou: julle hou die arms van jul voorsitters hoog. Julle maak hulle trots deur betrokke te wees, deur positiewe energie in die tak te bring, en deur getrou aan julle verpligtinge te bly. So bou ons saan 'n organisasie waarin elke lid waarde toevoeg.

Laat ons 2026 met nuwe ywer aanpak – saam, positief en verbind tot mekaar.

Mag julle 'n geseende Kersseisoen saam met julle gesinne geniet, en mag die nuwe jaar vir elkeen van julle vrede, geluk, en goeie gesondheid bring.

Liefde
Santie van Eyssen
Koraalstreekvoorsitter



Overvaal se 30ste verjaardag.

Van links na regs Me H Cloete, SAVLU President Cindy Coetzee, VLU Noord president Leanda Le Cornu, voormalige Overvaal president Ina Booyse, SAVLU Tesouriere en VLU Noord voormalige president Ria Strydom, Overvaal president Barbara Nell, Elmarie Human van VLU Noord en SAVLU sekretaresse Engela Thomson



KORAALSTREEK

Ken jy die gevaartekens van borskanker?

Deur Maryna Eksteen

Almal van ons ken iemand of weet van iemand in ons binnekring wat borskanker gekry het. Naas melanoomkanker is borskanker die tweede mees algemene kanker wat by vroue voorkom. Mans kan ook borskanker kry, maar die kans is ongeveer 100 keer minder as in die geval van vroue.

Volgens Die Kankervereniging van Suid-Afrika (Kansa) loop een uit elke 27 vroue die risiko om borskanker te kry. 'n Verdere studie van Kansa toon dat ongeveer 19,4 miljoen vroue van 15 jaar en ouer die risiko loop om met borskanker gediagnoseer te word. In 2013 het sterftes as gevolg van borskanker en kankers van die vroulike geslagsorgane onderskeidelik 0,7% en 1% van alle sterftes in Suid-Afrika uitgemaak.

Gevaartekens van kanker

Volgens die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) sal die meeste mense geen simptome ervaar wanneer kanker nog in sy vroeë stadiums is nie, wat die kritieke noodsaaklikheid van vroeë opsporing beklemtoon. Borskanker kan met verskeie simptome gepaardgaan, veral namate dit vorder. Potensiële simptome van borskanker sluit in:

- 'n borsknop of verdikking, dikwels sonder pyn
- verandering in grootte, vorm of voorkoms van die bors
- kuiltjies, rooiheid, pitting of ander veranderinge in die vel
- verandering in die voorkoms van die tepels of die vel rondom die tepel (areola)
- babnormale of bloederige vloeistof uit die tepel

Die organiseerders van die Doktersnetwerk het by dr. Alwyn Carstens gaan inloer om 'n bietjie meer inligting rondom borskanker te kry.

In dokter Carstens se boek *Beauty and the Breast* maak hy melding van die verskillende wyses waarop borskanker in vroue behandel kan word. Volgens hom was 'n mastektomie in die verlede die enigste manier om borskanker te behandel. Met die mediese professie wat deesdae so gevorderd is, kan pasiënte gerus voel dat daar deesdae opsies soos chemoterapie en bestraling beskikbaar is.

Dr. Carstens noem verder in sy boek dat net ongeveer 4% van borskankergevalle geneties is, terwyl 96% deur ander risikofaktore veroorsaak word. Alhoewel borskanker nie voorkom kan word nie kan die risiko daarvan bestuur word. 'n Gesonde leefstyl kan help om die risiko van borskanker te verlaag.


Verlaag die risiko van borskanker

Hier volg so 'n paar van dr. Carstens se wenke om die risiko van borskanker te verlaag:

- Eet meestal plantgebaseerde kosse.
- Beperk jou inname van proteïene wat van diere afkomstig is.
- Beperk of vermy alkohol.
- Sny rook heeltemal uit.

Krediet : Artikel op Solidariteit se webwerf

LEER KEN KORAALSTREEK SE LEDE



*Amelia Breytenbach
Legkraal*

Beroep:

Menslike hulpbronbestuurder

Aantal jare in VLU: 3

Hoe het jy by die VLU aangesluit?

My skoonma Kathleen Breytenbach het my betrek.

Naam en beroep van eggenoot: Chris Breytenbach

Aantal kinders: 2 seuntjies, 10 & 6

Stokperdjies: Skakelwerk

VLU hoogtepunt: Loshande die VLU Konferensie wat ons tak hierdie jaar gereël het by Mon-Cheri.

Wat is vir jou lekker by die VLU?

Die samesyn, omgee en die leer van nuwe vaardighede.

Wat is jou motiveringsboodskap aan mede-VLU-lede: Ontwikkel jouself tot God gegewe potensiaal.

Vertel ons iets van jouself wat niemand by jou tak van jou weet nie: Ek praat baie, hulle weet alles van my, dalk te veel.

Wat verskaf aan jou lewensvreugde: My twee pragtige seuntjies. Mense, "Ek kry my energie van mense."

2025 se ontvangers van die Welwillendheidsfonds



Aandblom-tak het die tjek van R8500 gaan oorhandig. links na reg Donovan Pennells, Heila Oosthuizen, Dirkje van den Berg Liezel Pennells Leanda Le Cornu Agter my Naomi Phillipson en Lilla Shaw die eienares van die skool. Die Pennells egpaar se dogtertjie is in die skool.



Daar is n sandput gebou vir die kinders.



AANDBLOM

“Craft and design are an extremely important part of our lives and culture.”

Die demonstrasie vir die maand was gedoen deur Dirkje van den Berg (Tak Tesouriere). Sy het die dames gewys hoe om kreatief 'n wynbottel as geskenk te versier. Die dames het dit terdee interessant gevind en geniet om hul kreatiewe kant te wys.




Dirkje van den Berg (Tak Tesouriere) verduidelik vir die dames waar om te begin en hoe om te begin. Van links: H. Oosthuizen (Tak Sekretaresse), D. van den Berg (Tak Tesouriere) en L. le Cornu (Tak Beoordelaarsameroepster).



N. Phillipson (Tak Voorsitster)



H. Oosthuizen (Tak Sekretaresse)



L. le Cornu
(Tak Beoordelaarsameroepster).



Jorina Kruger

ALLDAYS

Honde is Alldays tak se beste vriende

Ons het die voorreg gehad om op 3 Julie 2025 besoek te word deur die SAP Musina se Honde eenheid.

Onder leiding van Kapt. Elana Bekker het haar span vir ons gewys wat die honed kan doen.

Omdat dit tydens die skoolvakansie was kon al die kleinkinders wat gekuier het en die kleinspan van Maploeter Kleuterskool die dag saam met ons geniet.

Ons het weereens nuwe respek gekry vir die ongelooflike werk wat die Honde eenheid doen.



Alldays Takfoto tydens Julie maand vergadering

Voor vlnr: Gerda Thom, Susan van der Walt, Noel de Klerk, Makkie Myburgh, Elsa Nel

Middel vlnr: Hermien de Nysschen, Susannie van der Walt, Louise Fick,

Saartjie Janse Van Rensburg, Annelie Venter, Carike McKinnon, Delmarie Venter

**Agter vlnr: Rhoda Ives, Marinda Conroy, Marie Loubser, Janke Koltzow, Rhenia Gallon,
Daleen Kruger, Engela Cornelesen, Ginny Brummer**

BLYDE KLASERIE

Blyde-Klaserie VLU

Preservering wenke

Die groot geheim om groente of vrugte suksesvol in te maak is om altyd net die heel beste en varste bestandele te gebruik. En dit is nie veel gevra nie, groente en vrugte is juis spotgoedkoop, volop en die lekkerste waneer dit in seisoen is.

Hou ingedagte dat hergebruikte bottels en flesse sonder 'n digsluitende deksel net vir korttermyn preservering geskik is en dan liefis in die ys- of vrieskas gebêre moet word. Op lang termyn is die spesiale inmaakflesse en deksels die veiligste.

Dit is belangrik om die flesse en bottels te etiketteer, want mens vergeet verbasend vining wat hulle almal bevat. Skryf ook altyd die datum by. Gewone etikette met net die noodsaaklike inligting is ideaal vir eie gebruik, maar vir geskenke kan etikette gerus gekoop of gemaak word, wat 'n bottle of fles spesiaal sal laat lyk.

Konfyt: gebruik verkieslik witsuiker. Bruinsuiker verbeter die geur maar is geneig om stolling te blemmer. Bestandele soos neute of spirtualiee kan bygeroer word aan die einde van die kooktyd, nadat die skuim afgeskep is. Dit sal jou konfyt interessanter laat lyk en proe.

Jellie: gebruik ryp vrugte, maar nie oorryp nie, met 'n hoe pektieninhoud soos appels, bessies, en sitrus vrugte. Berei vrugte voor, alle skille pitte en klokhuise word met die vleis in die inmaakastrol geplaas en gekook tot 'n moes. Syg moes deur 'n jellie sak, hoe lank hang van die vrugte wat jy gebruik het af, van 'n paar uur tot oornag, maar nooit langer as 24 uur nie.

Groente en vrugte piekels: die goue reel vir die keuse van asyn is dat die asyn by die sort groente of vrugte moet pas, en ook tot die kleur en geur wat jy ingedagte het, moet bydra. Gebruik witasyn vir 'n helder piekel, moutasyn maak 'n donker piekel, maar gee 'n goeie smaak. Gebruik growwe sout om groente vooraf te behandel in plaas van tafelsout waarby chemikaliee gevoeg is om dit droog te hou.



FINESSE AANDTAK

VOORDELE VAN KASTEROLIE – Hexane Free & Cold Pressed.

Kasterolie is afkomstig van n plant/boontjie die Ricinus Communis en is die mees onderskatte geneesmiddel olie ooit. Die Ricinoleic suur in kasterolie help dat kasterolie diep penetreer deur die vel na alle organe en spiere.

- Dis 'n immuun versterker.
- Beveg alle inflammasie.
- Verminder plooie en help teen veroudering.
- Stimuleer kollageen.
- Help vir Artritis asook gewrigs pyne, rugpyn, nek, knieë, skouer ens.
- Verminder rekmerke en verlig littekens.
- Help vir Bedsere.
- Bevorder wondgenesing.
- Kasterolie bevat 'n hoë inhoud Vit E asook Omega 6 & 9 vetsure en bevorder haargroei asook groei van oogwimpers en wenkbroue.
- Verlig hoofpyn, tandpyn, maagpyn, ingewande en selfs aambeie.
- Verbeter gelaat, donker kringe om die oë, en verlig vlekke.
- Bevogtiger vir droë, sensitiewe en jeukerige vel, help ook vir sonbrand.
- Dit vernietig bakterieë wat aknee veroorsaak.
- Die Ricinoleic suur in Kasterolie kan swelling en pyn verminder wat veroorsaak word deur rumatoïede artritis selle.
- Asma. Kasterolie gekombineer met 'n kasteroliepak op die longe trek gifstowwe uit.
- Die Ricinoleïen suur dra by tot die vermoë van die Ricinusolie om diep in vel en weefsels te dring en help om siste en klonte te krimp.
- Anti-mikrobiële effekte bestry eelte, vratte, atleet voet, moesies, skimmel infeksie, fungusse en ringwurm.
- Ondersteun die limfstelsel om oortollige vloeistowwe en afval stowwe uit te skei.
- 'n Natuurlike lakseermiddel



Gebruik met sorg:

Vryf direk op maag en in die naeltjie. Smeer aan enige area waar daar pyn of n probleem is. U kan dit mondelings inneem ook. Te veel Ricinusolie kan skadelik wees. Raadpleeg u dokter as simptome na 'n week aanhou. Moenie gebruik as jy swanger is nie. Stoor teen kamer temperatuur weg van hitte, vog en direkte sonlig.


Vriendelike skakel groete,
Marcia van Tonder
Finesse Aandtak



KRONE

Opvoeding van die volwasse vrou by VLU Kroon

Die doel by VLU is om die volwasse vrou op te voed deur middel van nuwe tegnieke. By Kroon tak is dit ons mikpunt om elke maand iets vir die dames te leer na afloop van ons vergadering. En so verloop ons opvoeding vir 2025 sover.



Daar word geleer hoe om room poffertjies te maak.

VLNR: Hanneline Joubert (Beoordelaarsameroeper), Madelein Rosser, Makkie Myburgh, Elizma van Tonder en Hankah Ras.


Gingham werk se tegniek word aangeleer, as jy nie kop hou kan jou steek skeef wees.

VLNR Juanita Venter (Voorsitter), Makkie Myburgh, Hanneline Joubert (Beoordelaarsameroeper), Madelein Rosser.



Suikerkuns tegnieke word op die proef gestel om 'n see toneel uit te beeld oor 4 koekies.


VLNR: Juanita Venter (Voorsitter), Elizma van Tonder en Hanneline Joubert (Beoordelaarsameroeper).



Juanita Venter (Voorsitter) links wys die dames hoe om gesoute karamel fudge te maak tot perfeksie. Regs is Hanneline Joubert (Beoordelaarsameroeper) besig om truffles te demonstreer vir die dames en hoe die eind produk moet vertoon.





KRONE



VICTORIOUS HONEY BEEKEEPING

Ons omvattende reeks dienste is aangepas om gesonde byebevolkings te ondersteun terwyl ons onskatbare hulpbronne en kundigheid aan ons kliënte bied.



Bestuiwing Bye-Verwyderings Heuning

Liesel Roesch ☎ :061 664 7680

Elke dame het hulle geure en kleure seep aangekoop en almal het saam gesit idees uit ruil en geleer hoe om glyserine seep te maak met verskillende kleure en watse materiale werk in seep en watter nie.
VLNR: Rina Minnaar (Sekretaresse), Hanneline Joubert (Beoordelaarsameroeper), Karlien Rademeyer en Hankah Ras.

Gee kinders vreugde is een van ons temas vir 2025 en ons tak se dames het besluit om te leer hoe om omgee poppies te maak uit kousies en stopsel. "YouTube" wys ons die basiese beginsels en ons raak kreatief. VLNR: Juanita Venter (Voorsitter), Elizma van Tonder, Hanneline Joubert (Beoordelaarsameroeper), Hankah Ras en Karlien Rademeyer.



KRONE



Suurdeeg die nuwe plantjie op almal se lippe

So maak jy om jou eie “plantjie” te laat groei

Dag 1: Meng 100g steengemaalde meel met 100g water en 1t heuning (opsioneel). Giet die mengsel in ‘n glasfles en maak ligweg toe met ‘n deksel of vadoek. Hou eenkant in ‘n warmplek vir 24 uur.

Dag 2: Ondersoek jou suurdeegplantjie, is daar enige borrels? Het dit uitgesit? Indien ja, voer jou suurdeeg met nog 100g water en 100g meel. Indien nee, hou dit weer in ‘n warm plek vir 24 uur

Dag 3: Ondersoek weer jou suurdeegplantjie. Is daar enige borrels? Het dit uit gesit of gerys? As jy gister jou plantjie gevoer het, gooi die helfte van die plantjie weg en voer dit weer met 100g water en 100g meel. As jy nie gister jou plantjie kon voer nie, voer dit vandag met 100g water en 100g meel.

Dag 4: Ondersoek jou suurdeeg. Het dit gerys en is daar borrels? Is daar ‘n lagie vloeistof bo-op? Gooi die helfte van die plantjie weg en voer met 100g meel en 100g water. Jy kan dit wat jy weggooi in pannekoek of tuisgemaakte pasta gebruik. Indien daar ‘n lagie vloeistof op jou plantjie was, beteken dit dat meer gereelde voeding nodig is. Probeer om die suurdeegplantjie elke 12 uur te voer.

Dag 5: Ondersoek jou plantjie. Is daar enige borrels? Het dit gerys? Is daar vloeistof op die oppervlak? Indien daar baie borrels is, maar geen vloeistof nie, gooi die helfte van die plantjie weg en voer met 100g meel en 100g water. As daar ‘n lagie vloeistof op is, beteken dit meer gereelde voeding is nodig. Probeer om die plantjie elke 12 uur te voer.

Dag 6: Ondersoek jou plantjie. Is daar enige borrels? Het dit gerys? Is daar ‘n laag vloeistof bo-op? Hoe ruik dit? Soet, vrugtig, soos asyn of alkohol? Indien daar baie borrels is, maar geen vloeistof nie, gooi die helfte van die plantjie weg en voer met 100g meel en 100g water. As daar ‘n lagie vloeistof op is, beteken dit meer gereelde voeding is nodig. Probeer om die plantjie elke 12 uur te voer. Baie aktiewe en honger plantjies mag drie voedings per dag benodig.

Dag 7: Ondersoek jou plantjie. Het dit in grootte verdubbel? Hoe lank het dit gevat voordat dit in grootte verdubbel het? Vier uur? Agte uur? Indien jou plantjie in die laaste 4 tot 8 uur na sy laaste voeding verdubbel het, is dit tyd vir ‘n dryftoets. Om die dryftoets te doen moet jy ‘n teelepel van jou plantjie in ‘n glas water plaas. Moet dit nie daar in gooi nie, maar plaas dit eerder versigtig op die oppervlakte van die water. As dit dryf, is dit ‘n goeie teken dat dit gebruik kan word.

Suurdeegplantjie wenke:

Wanneer jy ‘n aktiewe plantjie het wat kan dryf en wat jy goed kan beheer, kan jy dit in die yskas hou en een maal per week voer. Dit benodig wel ten minste twee voedings voordat jy daarmee kan bak. As jy gereeld bak, kan die plantjie op die kombuistoonbank bly, maar jy moet dit een maal elke dag voed.

Lekker voed en bak Liefde Kroon tak

LAVENDER AANDTAK

LAVENDER SE PAAS - & VERJAARDAG VERGADERING

Was Baie Spesiaal! Ons deel dit graag.



7 LEDE WAT IN APRIL VERJAAR

- 6de Evadne Rudram
- 8ste Stienie v Zyl
- 23ste Una v Wyngaardt (70ste)
- 27ste Adele Hoyer en Rene Winter
- 28ste Thea Botha & Marisa Pretorius

Ons het 'n heerlike ete gehad met gevulde gekleure eiers, gevulde pannekoeke wortelslaai met komkommer, en 'n sjokelade haas en dadelballetjies vir nagereg.



Gasvroue: Stienie v Zyl,
Una v Wyngaardt &
Hannelie Koekemoer



Gevulde Pannekoeke
met wortelslaai &
komkommer gras



Una van Wyngaardt (Voorsitter)
Rentia Coetzer het die trekking gedoen en
Tisha Neill-dore het die prys gewen



Una van Wyngaardt (Voorsitter)
Patricia van Niekerk het 'n lesing gegee oor
die Boom van die jaar, die Tambotie

LAVENDER AANDTAK



Una van Wyngaardt
(Voorsitter)
Leandri Koekemoer het
vir ons die puzzle koekies
gedemonstreer



From wine glasses,
to coasters,
we'll BLAST
you away!



Edy:

071 298 8293

MESSINA

Messina Dames verkoop Kerrie en Rys



Van links: Hettie Cooper (Skakelbeampte), Sophia Brits (Voorsitter), Lana van Deventer (Ondervoorsitter), Elrine Brits (Tesourier), Cindy Van Der Merwe en Sarie Broekman (beoordeelaarsameroepster)



Die Dames werk hard om al die bestellings gereed te kry. Elrine Brits (Tesourier), Cindy van der Merwe, Sarie Broekman (beoordeelaarsameroepster), Sophia Brits (Voorsitter) Maryna Theron en Lana van Deventer (Ondervoorsitter)



Hettie Cooper (Skakelbeampte), Lizette Erwee(gas), Elrine Brits (Tesourier), Cindy van der Merwe en Sarie Broekman (beoordeelaarsameroepster)



Onder: Jantjie Jansen sit die plakkers op die deksels.



Links: Rys word mooi uitgemeet deur Sophia Brits (Voorsitter) en Lana van Deventer (Ondervoorsitter)

PIETERSBURG-NOORD

Pietersburg Noord het die voorreg gehad om deel uit te maak van die stalletjies tydens die Agri Expo wat gehou was tussen 13 en 15 Maart 2025 by die Ranch Resort.

Soos altyd was ons pannekoek n wenner met 'n paar nuwe vulsels. Ons het ook sommer besluit om vetkoek en maaltvleis te verkoop wat na ons verwagting 'n groot sukses was.

Elke lid het kom hand bysit oor die drie dae. Ons het lekker span gees gehad en het sommer net lekker saam gekuier en gewerk. Drie dae van harde werk en raakvat.

Daar was allerhande stalletjies te sien, onder andere handgemaakte produkte, ingelegde produkte, vleis en biltong, gereedskap, voertuie en allerlei kos stalletjies.

Die Agri Expo was die 1ste Expo in Limpopo van sy soort, na dit blyk 'n groot sukses was, beplan die organiseerders om elke jaar so 'n Expo te hou. Die doel van die Expo was om besighede en klein besighede op die kaart te sit en sodoende meer blootstelling te kry. Groot landbou sprekers het ook oor die drie dae praatjies gelewer oor allerhande nuwe verwickelinge in die landbou sektore.

Ons is opgewonde om weer in die toekoms deel van hierdie Expo te wees.



**Hierbo pronk ons in ons pragtige voorskote wat lede van ons tak vir ons gemaak het. Ons is trots om VLU se naam hoog te hou. Voor: Rina Botha (Skakelbeampste)
Agter Inr: Charlotte Cloete (Beoordelaarsameroeper). Gerda Allers (Seketaresse), Anna du Toit, Hanneke Pretorius, Dederé Leonard en Ilana Pollard (Voorsitter).**



**Links na regs: Susie Wentzel, Dederé Leonard, Hanneke Pretorius, Gerda Allers (Seketaresse), Ilana Pollard (Voorsitter).
Fotos: Rina Botha (skakelbeampste), Berig: Rina Botha (Skakelbeampste)**

TZANEEN

Op 15 Julie het Tzaneen-tak vergadering gehou en die voorreg gehad om 'n gingham- borduurwerkdemonstrasie te geniet wat deur Laetitia Vermaak aangebied is. Ons het elkeen 'n stukkie lap & garing ontvang en stap-vir-stap gewerk aan verskillende steke wat ons kan gebruik vir ons kompetisie-artikels. Dit was baie leersaam en heerlik om as vriendinne saam te kon borduur.



**Annaline Geldenhuys (gasvrou),
Laetitia Vermaak (aanbieder)
en Petro Breedts (gasvrou).**





Laetitia Vermaak

Gingham-borduurwerk staan ook bekend as Chicken Scratch en Depression Lace (Depressiekant). Die oorsprong dateer terug na die 1800's in die Amish gemeenskappe maar het meer gewild geword in die 1900's gedurende die Groot Depressie. Dit was 'n goedkoop en eenvoudige manier om gingham-materiaal te versier. Die borduurwerk skep 'n visuele effek wat kant naboots. Die gingham- materiaal se geweefde vierkante word as 'n riglyn gebruik om die patrone met verskillende steke te skep. Dit is vandag steeds 'n gewilde en maklike tegniek wat deur alle ouderdomme geniet word.



Pragtige voorbeelde waarna ons kon kyk.



Een van ons oefenlappies.



Foto 1: Lenie Barnard borduur fluks. Foto 2: V.l.n.r. voor is Jenny Pretorius en Annetta Deyssel. Agter is Lizette Newton, Lenie Barnard en Annaline Geldenhuys. Foto 3: V.l.n.r. is Celia Kruger, Lenie Barnard en Ina Kruger.

VALENCIA



Seisoene

Let op die vyeboom en al die ander bome. Sodra julle sien dat hulle begin bot, weet julle vanself dat die somer al naby is.

Lukas 21:29,30:

Lente, somer, herfs en winter, vier seisoene, so loop ons jaar in en jaar uit. Ons sien alles verander, maar sien ons regig die prag van al ons seisoene. Lente die bloesels in wit en pienk wat net een oggend in al jul prag aan 'n boom verskyn, en on weet die somer is aan die kom. Nou kan ons al die winter baadjies en die Augustus winde totsiens sê.

Die jaar is so te se verby, vier maande tot die jaar ook groet. Valencia tak het al sewe tak vergaderinge gehou, Ons tiende verjaarsdag gevier. Tak bestuur en lede het die 30ste Vlu Koralstreek se Konferensie in Dendron en die 30ste VLU Noord se Kongres bygewoon in Nylstroom, waar ons al ons vriendinne weer gesien het en heerlik saamgekuier. Ons ore was gespits, tydens die sprekers en sangers se optredes. Dit was 'n fees, dames die wat nog nie 'n kongres of 'n konferensie bygewoon het nie, maak 'n plan dit is 'n belewenis en n moet.

'n Seep demonstrasie is gehou, waar ons goeie wenke gekry het om te gebruik om ons koekies seep te gaan oefen vir die opkomende kompetsies. Die dames brei en hekel en daar word gespog met die eind produk by die volgende vergadering. Die koekblik is goedaangewend, en elke lid wil graag daai blik wen, want daar is heerlike bederf stukke daarin.

Daar le nog drie vergaderings voor, 'n dogter dag wat in Oktober 2025 gehou gaan word. Ons jaareind funksie wat die bestuur vir die lede reël so ook ons prys uitdeling.

Valencia is 'n dinamiese tak. Ons lede is vier seisoene in een. Valencia dit is 'n voorreg om 'n lid van jul tak te wees en dan praat ek nie van al die dames nie. Dames julle is God se geskenk, dankie vir al julle bydrae.

Edith Joubert, Skakelbeampte, Valencia tak

KOMMUNIKASIE

Beknopte verklarende Woordeboek sê

- 1 Kommunikasie is: Kennisgewing, woordelike verbinding tussen groepe
- 2 Etiket is: Opskrif met allerhande besonderhede op flessies, kaste ens, Naamkaartjie met die nodige besonderhede daarop

Die oorgelewerde gedragsvorme wat in beskaafde omgang in ag geneem word, wellewendheid.

Waarom is dit so moeilik?

Dink ons, vandag dit is outyds, minder belangrik!!

En tog werk niks sonder behoorlike kommunikasie nie, nie eers 'n oorlog nie. Ons is veronderstel om vriende te wees en nie vyande nie. Tussen vriende behoort kommunikasie maklike en gemaklik te wees.

Selfs die etiket hoere, Emsie Schoeman skryf oor Optrede en haal Eleanor Roosevelt 'n vorige VSA Presidentsvrou aan:

Volg op BI 67

KOMMUNIKASIE

“Etiquette is Kidness”: Jou optrede is jou persoonlike advertensie, jou besluit hoe jy wil maak. Maar jy verteenwoordig jou mense, jou taal, jou kultuur jou onderneming of organisasie, jou land. Familie en vriende wil trots wees op jou. So ook wil VLU Noord trots wees op jou.

Ons gewone lede dra die VLU Noord (steke, tak ...) se beeld na buite.

Hoe bou ons VLU NOORD met Styl, Etiket:

Ek wil amper sê dit is maklike, DOEN NET WAT VIR JOU GEVRA WORD - maar die praktyk bewys my keer op keer verkeerd.

So ons moet daaraan werk, maar Hoel:

1. Lees, Lees, Lees – Mens wat lees kry 10% meer uit die lewe. (By Konferensie, Kongres sê die beoordelaars hoeveel keer die riglyne is nie gelees nie. Ons luister ook nie: Wanneer, Hoe laat, waar en wat nie.
2. Doen wat vir jou gevra word:
 - Sperdatums – Let asb daarop – Geen organisasie of besigheid kan funksioneer as daar nie gehou word by sperdatums nie. Niks wat beland is, kan deur gevoer word nie, want die inligting is nie of nog erker niks kan beplan word nie.
 - As jou Takvoorsitter die tak om inligting vrae, doen sy dit nie om die vergadering vol te kry nie. Die streek of VLU Noord het heel waarskynlik die inligting aan gevra.
 - Afsluitings funksies, bywoning van vergaderings, konferensie, kongres. Bespreek, getalle, betaal. Spaargeld en MOENIE mors MET geld nie.
 - Wat is die skakel prosedure nou weer? Facebook en Instragram is ons nou oomblikke wat almal “Love, Like and share”, maar ons plakboeke is ons argief vir ons nageslag, ons trots ons geskiedenis.
 - Lede lyste hoef nie noukeurig ingevul en bewaar te word nie, wie sal nou oor ‘n jaar vra was XXX van ZZ-tak en watter lid sal nou ongelukkig wees as haar lidmaatskapjare nie korrek is nie.
 - En tog gebeur daar soms iets, laat weet die betrokke persone, jammer moet nie wag nie, maak asb. vir my verskoning.
 - GOEIE REËL: doen soos wat jy graag sou wou hê ander moet aan jou doen.
 - Goeie maniere en opvoeding het niks met geld of status te doen nie. Dit is binne bereik van ons elkeen, ons moet net besluit ons gaan dit doen.
 - Jou Ja is jou ja – jou woord is jou eer.

Kommunikasie maak dit moontlik vir die gewone lid in die tak OM:

- ingelig te wees oor die VLU
- om insae te maak in die elke tak bestuur en beplanning van die VLU
- wat op die kompetisielys staan
- Om ‘n verskil te maak,
- deur middel van beskrywingspunte
- dat beplanning gedoen word
- dat daar wel beplan kan word
- dat dit wat beplan word en deur gevoer word ook jou goedkeuring weg dra

Vandag is tyd en geld vir almal baie belangrik en dit raak jou lewe en jou sak. So ook dra dit die VLU.

Sonder kommunikasie en goeie terug voering kan VLU nie groei en vooruit gaan nie, wat van nog bestaan.

Eensydige vriendskap werk nie:

‘n Vriendskap kom tog nie net van eenkant af nie – Jy bel tog nie jou beste vriendin die hele tyd en deel in haar lief en leed en sy bel jou nooit terug of deel in jou lief en leed nie. Dit is nie ‘n vriendskap of ‘n verhouding nie.

NET SO werk ‘n eensydige VLU verhouding nie:

- Jy kan tog nie altyd net van die tak, kring streek provinsie wil vat nie.
- Jy moet terug gee deur jou deelname in
- Het sy kompetisie – bywoning van tak- en streek vergadering konferensie en kongres
- Dra van jou embleem jy’s tog trots op die VLU

Kommunikasie is soos ‘n ketting en daar die Ketting is net so sterk soos die swakste skakel.



ADVERTENSIEVORM



PLASING VAN ADVERTENSIES IN KREMETART

KREMETART is die amptelike mondstuk van VLU Noord en verskyn 2 keer per jaar, met 'n oplaag van +/- 520. Dit word versprei aan VLU-lede oor die hele Limpopo Provinsie.

Tariewe per advertensie – 2026

Volblad [A4]	R 1000	Halfblad [A5]	R 500
Kwartblad	R 300	Volkleur	R4 000

Advertensies word net in skakerings van 1 kleur gedruk. Kleuradvertensie is R4000.00 ongeag die grootte.

Vereistes:

- Betaling met werwing van advertensie.
- Betalings word direk in VLU Noord se rekening inbetaal:
VLU Noord
ABSA
Tjekreknr: 40-5010-6563
Takkode: 632005
Verwysing: Besigheid se naam.
- Stuur bewys van betaling saam met die advertensievorm
- Indien die advertensie 'n logo / prent / foto / enige ander grafika bevat, moet dit in **hoë resolusie** in digitale vorm by die e-pos aangeheg word.

Voltooi die onderstaande vorm :

Naam van adverteerder _____

Besigheid se naam _____

Dorp: _____

Bedieningsarea / Distrik (bv hele Limpopo / Waterberg / Vlakke ens) _____

E-pos adres: _____ Selnr.: _____

Telnr.: _____

Advertensiegrootte _____ Bedrag: _____

Geteken: _____ Datum: _____

Aangeheg:

Bewys van EFT betaling	Digitale Advertensie	As Donasie
------------------------	----------------------	------------

Advertensie gewerf deur: _____ Tak: _____

Stuur aan: (slegs aan jou streek se skakelbeampste)

Streeksakakelbeampste: **Bosveldstreek** : bosveldskakel@gmail.com
Soetdoringstreek: soetdoringskakel@gmail.com
Koraalstreek: koraalskakel@gmail.com



Gaskunstenaar David Divaad



Koraalstreek eindig Derde



Me Leanda Le Cornu word verkies as die nuwe President vir VLU-Noord



President Ria Strydom saam met Leah en Lindie Otto wat hierdie pragtige skildery gevef het. Hulle is betrokke by Pilarius onderrig



Soetdoringstreek wen Eerste plek



Kunstenaar van die jaar Ingird Baggeröhr en President Ria Strydom



UB tydens Kongres vLnR: Retha Oosthuizen, Erina Becker, Santie v Eyssen, Ria Strydom, Riana Oosthuizen, Elmaré Human, Desireé Krüss, Erica Welgemoed



Poppies vir die Poppieprojek



Welwillendheidsprojek

PLASE • PLOTTE • ERWE



PLAAS
eiendomme

SUSANNA

072 134 9466

susanna@plaaseiendomme.co.za

CHARLES

083 272 1065

charles@plaaseiendomme.co.za

WATERBERG

House of Solar SA

Supplier of Solar Systems

charles@houseofsolar.co.za
269 Sandrift Rd. Vaalwater
Limpopo



- Site Visits
- Quotations
- Installations
- Maintenance

Charles Botha: 083 272 1065